

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



P.

JAARGANG I

NOMMER 2

TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE



Kwartaalblad van
Die Afrikaanse Skrywerskring



Redakteur:
C. M. van den Heever




Letterkundige Adviseurs:
D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,
F. J. Eybers en W. A. de Klerk



Administrasie:
Professor Abel Coetzee,
Posbus 1176, Johannesburg



Intekengeld: 15/- (Posvry)
Los nommers in die handel: 5/- per eksemplaar



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

INHOUD

	Bls.
D. F. MALHERBE SEWENTIG, J. J. Kruger	5
GEDIGTE, F. J. Eybers	13
OP EEN MORGEN IN MEI, André Demedts	14
GEDIGTE, Elizabeth C. M. du Toit	22
IETS OOR DIE ESTETIESE, F. J. Snijman	26
GEDIGTE, C. F. Rudolph	38
SALIGE URE, Mikro	41
DEDIGTE, A. Fouché	49
EK IS . . . , Abel Coetzee	51
FRANKRYK — 'N PERSOONLIKE INDRUK, J. de Bruyn	57
JAAP GROBLER, P. D. Swart	64
GEDIGTE, W. A. Boonzaier	70
FRIEDRICH HÖLDERLIN, M. R. Breyne	72
BOEKELYS MAART-MEI 1951, P. J. Nienaber	78

FOTO-AFDRUKKE:

D. F. Malherbe.

Borsbeeld van genl J. B. M. Hertzog

deur Coert Steynberg.

D. F. Malherbe sewentig

deur J. J. Kruger

Tegelyk bewonderde en omstrede figuur in sy veelvuldige verskyninge as skrywer, leermeester, spreker, taalkundige, kritikus, wysgeer en volksman, is Daniël Francois Malherbe al die onderwerp van soveel bespreking gewees — veral ook by die allerweë gesinjaleerde geleentheid van sy sestigste verjaardag — dat gerede wysheid oor sy verdienstes en tekortkominge in tal van boeke, tydskrifte en koerante opgeteken staan. Die amptelike (hoewel nog altyd uiteenlopende) kritiek het, terwyl hy nog steeds produseer, sy waarde en sy plek bepaal, sy werk gerangorden, en hom drie maal (twee maal saam met ander) die Hertzogprys toegeken. Van sy boeke is so dikwels vir die hoër klasse voorgeskryf dat hy sedert baie jare 'n ou bekende by opeenvolgende geslagte van Afrikaans-lesers is. Noue omgang met studente vanweë sy amp as hoogleraar het hom oor 'n tydperk van nagenoeg vyf-en-dertig jaar in staat gestel om sy dinamiese invloed oor 'n breed uitkringende sektor van die Afrikanervolk te laat geld, met al die verdere en diepere nawerking daaraan verbonde. As taalpropagandis in die vroeë jare en as gewilde spreker in groot aanvraag by allerlei slag van feesgeleentheid, het hy bowendien die land deurkruis en steeds geesdriftige ingang gevind vir sy oorredende, vurige boodskap. Maar boweal getuig die maklike afset van sy romans ook aan die breë lae van die volk van sy gewildheid as skrywer sowel as van die feit dat die gewone mense lank nie so grof met die prikkelwankuns getroud is as wat weeklagende sieketroosters sou wil voorgee nie.

Waardering vir die vrugbare lewe van 'n geniale mens geslyt in toegewyde arbeid — dít is die behoefte by die sewentigste herdenking van die geboortedag van D. F.

Malherbe. Beginnende met sy proefskrif *Das Fremdwort im Reformationszeitalter* (1906), waarmee die grondslag van sy kundige taalwerkzaamheid gelê is, het hy in 1917 die *Afrikaanse Taalboek* gelewer, wat met sy ses drukke en nagenoeg 14,000 eksemplare vir daardie tyd wel die bewys lewer van die omvangryke behoefte waarin voorsien moes word. *Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme* (1926) het tot vandag toe 'n onmisbare vraagbaak gebly. Aan skeppingswerk het Malherbe 9 digwerke, 11 romans, 8 dramas, 7 eenakters, 2 sangspele, 2 versedramas, 2 vertaalde versedramas en 1 ander vertaalde drama gegee. Met die uitsondering van sy eerste roman *Vergeet Nie*, wat in 1913 verskyn het, het hy hom van 1909 tot 1926 hoofsaaklik met digwerk en gedeeltelik met toneelwerk besig gehou. Daarna het digwerk veel minder verskyn, romans meer en toneelwerk onafgebroke tussen-in. Iets waarby jong skrywers hulle aandag kan bepaal, is dat Malherbe se eerste werklik groot roman, *Die Meulenaar*, waarmee hy sy voortreflikste arbeidsveld gevind het, dagteken uit sy vyf-en-veertigste lewensjaar.

Reeds met sy eerste roman het Malherbe 'n nuwe geluid laat hoor. *Vergeet Nie* is beskryf as die eerste werklike kunsroman in Afrikaans. Hoewel nog op die patroon van sy Van Lennep-agtige voorgangers met die klemtoon op uiterlike gebeure, is hier vir die eerste maal in ons taal 'n eie styl en persoonlike aksent waargeneem in frisse natuurbeelding en prosa met 'n eie ritme. Dertien jaar sou verbygaan voordat *Die Meulenaar*, met onvergeetlike verwyling in die vertroude omgewing van die skrywer se jeug, sy tragiese mens Faans met sy meul, Velbaadjie en al die doenigheid in die wingerd en op die koringland, die van liefde deurdrenkte kuns van die heimwee in Afrikaans sou bring. In ooreenstemming met die heersende mode was die hoofpersoon nog 'n simpele mens, net soos sy opvolger Hans in *Hans-die-Skipper* ook maar op 'n nederige sport van die maatskaplike leer staan. Maar Malherbe het sy van die realisme afgekeerde stylaard al dadelik geopenbaar deur die manier waarop hy sy stof 'n innerlike gedaantewisseling laat ondergaan. Gedagte, idee en voorstelling is eg en getrou dié van die karakter, maar in die smeltkroes van die digtersiel word dit gadel tot 'n

verheerlikte vorm. Hans praat nie meer soos 'n eenvoudige visser nie: sy taal win die hoë gebaar van sy onvervalste drif en liefde vir die see; 'n digter het skone gestalte gegee aan die kragte wat in die binnekamers van sy siel woel.

Daarmee het Malherbe sy krag ontdek. 'n Ry van geestelik spierkragtige reuse-figure sou die bladsye van al sy daaropvolgende romans bevolk: Azkar, die wrakende Moabiet vir wie Aljarim met sy seningarms swaarde smee om Hebreër-lywe te deurboor; Saul, „in middaghoogte sonder God”; Jeremia, die onvermoeibare boet-prediker; August Fenting, die werk-vaardige, wat altyd op die voorpunt wil wees, vir wie selfs „'n kraalhek moet wees soos 'n kerkdeur, suiwer gebou en goed en sterk”; Rooi-Willem „een verterende vlam, vlam van die Suurveld om die witman ontwil”; Groot-Gert, die tot trek geroepene „'n sambok wat die trek in hulle bloed sal inslaan”; Jan Blankert, toonbeeld van die wysheid, met versoening geknak tot 'n ratjie in die „ewig gebodene” — en dan die speelmans met hul koelende balsem op die te hoog laaiende drif van die geroepenes: Oom Faai, blinde Jacob en ou Ditmar wat die kranse tot gruis breek „met die ou ding se stem.” Deur hul lewe en werk heen loop die goue draad van die geloof: „Die Here alleen beskik . . . Ons kry iets in die hart, maar dit kom nie van ons nie — ons soek nie en . . . ons vind.” Dit is die wesensbodem van hul volkstrewe. Sowel in sy Bybeltrits as in sy trilogie van die Boere-pioniere lewe Malherbe se helde vurig in die patriotiese aspirasies ook van hul skepper.

Arbeidsvreugde deurtintel die bladsye van al hierdie romans. Geen Malherbe-karakter is met minder as die beste tevrede nie. En hoe word die arbeid simbool van dieper lewenskragte wat om bevrediging stu: die liefde van 'n vrou of wraak op 'n vyand.

Dit alles is kwistig uitgegiet in beeldende taal, ronde volsinne, paragrawe waardeur die asem van die digter lewend dein. Is daar nog 'n Afrikaanse skrywer wat so 'n weidse ritme-beweging beheers? Daar is talryke pogings aangewend om die taal en styl van Malherbe te ontleed. So is daar vasgestel dat sy taalgebruik min varieer — alle sinne sou „swaar” wees; die frekwensie van „hoe”-sinne is bepaal, en die vooruitskuiwe van die werkwoord; same-

stellinge, die gebruik van die teenwoordige deelwoord, die verandering van die grammatiese funksie van woorde. Iemand moet nog daarop wys met watter verrassende effek hy selfs 'n beeld kan „omdraai”, sodat die primêre met die sekundêre vergelyk word in plaas van andersom: „die borsspeld in perlemoenglans skitter met 'n blou soos die blou van haar oë”; of: „Rooi-Willem sien die droewig-blou wankelinge van die kersvlammetjie aan wegsink in gesmelte blakervet, soos die snikke van Berta aan sy ontroerde hart.” Uitskots van al hierdie ietwat meganiese navorsing is die vry algemene bevinding van te liriese, te Malherbiaanse taal, oorlaaiing, te grote persentasie gestileerdheid, of soos dit in 'n gesaghebbende skool-handboek staan: „As romanskrywer is hy dikwels nog te lirie, sy karakters voel nog te dikwels soos Malherbe voel en praat in die taal van Malherbe.” Na aanleiding hiervan het F. E. J. Malherbe kort en kragtig geskryf: „As ek nou aan my jong vriende vra: het daar ooit 'n King Lear, 'n Hamlet of 'n Macbeth gewees wat so verhewe, en nogal in verse, kan praat? — het hulle my 'n antwoord skuldig gebly.”

D. F. Malherbe het self — by een van die te skaarse geleenthede waarop hy kunsbegrippe prinsipiël geformuleer het — 'n woord in antwoord hierop gehad. Wanneer in die siel van Melchtal, die Switserse boereseun (uit Wilhelm Tell van Schiller), vooruitgevoelde oorwinning opglans, spreek hy 'n taal wat nie meer syne is nie: „Wat in die bewoënhed van die ongeletterde boerseun se siel net maar aangevoel word, dit gryp Schiller en dra dit omhoog op die terrein van die illusie in heldere aanskouinge en ritmiese verwoording.” Net so waar Macbeth die pragtige woorde tot sy vrou spreek: „ere that hath flown his cloistered flight . . .” is dit „nie meer die taal van Macbeth nie, maar van Shakespeare self, wat in die ritme-, klank- en woordebeelding die dieper-liggende waarheid van Macbeth se siel wil beliggaam. Die onbewuste taal van die hart van die objek word digtertaal van die subjek.”

In verband met die gewraakte oorlaaiing het D. F. Malherbe gesê: „Hierdie woord met sy teëvoeter soberheid behoort tot die nimmer-ontbrekende meetmiddels van die boekbesprekers. Vir sodanige persone is meer woorde in

'n sin as wat volstrek nodig is vir die begrip, dit wil sê soos deur hulle opgevat, 'n hinderlike iets. Vir die stilis, met ander geestelike en veral gevoelsapparaat toegerus, is dit 'n behoefte. Daardie meer aan woorde is sy lewensruimte."

Vir my is dit steeds onbegryplik dat Malherbe van oorlaaiing en ander oordrewe stylmiddele beskuldig moet word, want die wese van sy werkmetode is konsentrasie. Hy kan inderdaad in 'n paragraaf suggereer wat baie ander 'n bladsy voor nodig het; en sy romans laat die indruk dat hy stof, uiterlikhede wegwerp, wat wel 'n mooi „storie" kon gemaak het, maar oorbodig is vir die atmosfeer, die stemming, die voortdraging van die idee deur sy gelade woord. 'n Mens moet nog hoor dat hierdie aanklag hersien is selfs by later, sterk „versoberde" werk soos *Spore van Vlieland*, waarin feitlik geen lang sinne meer te vinde is nie. Retoriek is by Malherbe wel oortuigend aangewys, maar nooit met die talryke voorbeelde wat die generaliserende verbreiding van hierdie kritiek behoort te onderstut nie. Buitendien is dit 'n aanklag waarmee versigtig omgegaan moet word. Wat vir die buitestaander retories klink, kan vir die skepper dikwels deurleefde siening of ervaring wees.

Voordat egter hierdie as waardering bedoelde geleentheidsopstel polemies word, bied ek liever tentatief 'n eie beskouing oor die wesensgrond van Malherbe se stylaard. Die kiem van my beskouing ontleen ek aan wat Malherbe self, in een van sy liggende kritiese essays, oor die stylkarakter van Langenhoven geskryf het. Vir my was dié opstel nog altyd so 'n mooi voorbeeld van afsteek na die diepte, van indringing tot aan die wortels van die waarheid, dat ek baie meer van hul soort uit die pen van Malherbe moes wens. Maar hoewel in hoë mate bevoeg vir die organiese en tegelyk sintetiese kritiek, wat indring „binnekant die donker smedery waar die kunstenaar werk, waar swart staal hamer op gloeiende staal en die vuurvonke spat by klinkende arbeid . . ." en ook daal „langs afgrondwande van die siel saam met die kunstenaar om pêrels te vis op die onderaardse vloere," het Malherbe as kunstenaar waarskynlik almaardeur te beskroomd gevoel om mede-kunstenaars diep-in te benader, veral wanneer

hulle nog lewe. Maar ná Langenhoven se dood het Malherbe sy stylkarakter in hierdie woorde saamgevat:

„Die siel van die Karoo vind onbewuste ekspressie deur hom. Geblaak in die helderte van sonnedae, met die ruwe skerpte van vorme, oorspronklik van wispelturigheid, met die bontheid en grilligheid van plant en dier, die doringrigheid en wrangheid en verwrongenheid van plantegroei; veelsoortig en oorryk aan afwisseling, met die hardheid en taaiheid van sy natuur 'n spottende uitdaging aan die gewone — 'n wêreld van willekeur, en amper onnatuurlik van egte natuurlikheid, met 'n bodem van ongemene lewenskrag — so is die Karoo. En so is Langenhoven in sy werk; niksontsiende in vormgewing, kantig en skerp in segging, uitdagend en spottend, verrassend en oorspronklik, pikant en aantreklik, deur 'n volheid van gedagte die blitsing van 'n rykbegaafde gees en 'n groot-menslike waaragtigheid.”

Lê ons nou dieselfde maatstaf op D. F. Malherbe aan: agtergrond en jeug-milieu, eerste liefde en vroegste indrukke, diep, onverganklik ingebrand omdat dit die gemoed op sy prilste en in sy mees plastiese stadium aanhoudend getref het, dan word ons daartoe gelei om sy liefde vir die natuur en die arbeid, die weelde en die magtige ritmiese periodes van sy styl te verklaar uit die aard en karakter van sy geboorteland, die Westelike Kaapland, waar die silhoeët van die berge een groot deiningslyn is, die riviere een onafgebroke ruising, en die wingerde en boorde plate en plate strelende groen, die land van die hom so geliefde koekmakranka en biesroei, met die vure van drosters in die berge wat jeugdige verbeelding in volwassenheid tot die ontroering sowel van „Jakob Ontong” en „Die Wolfhuis” as die besielde skildering van die werkstalligheid op veld en akker laat uitblom. Dis die wêreld waarvan hy sing in die lied vooraf by sy eerste roman van die heimwee en „emotions recollected in tranquility”:

Uit die groen veld van my jeugland,
uit herinnering se wei,
kom met groet van awendwinde,
beelde en stemme kom na my . . .

In die skaduwee van die berge
rus die tuin en landery,
windgebuig die fluitjiesriete,
wat die plaas van buurman skei;
goudgeel see van suringblomme,
dein die wye wingerd deur,
rondom my die lug van teebloom,
dis die regte, regte geur.

Hoe straal dit ook uit die droef-getinte berusting van 'n ou mens wat by tortelsang onder die eike heerlike vergoeding ontvang vir die jagende roesemoes van die lewe, Jan Blankert, op sy Bolandse plaas Vlieland, die laaste rusplek uitmetende „waar die son ongehinderd die aarde gryp as hy oor die berge klim, hier tussen die salie en teebos en agrettas — hier sal dit 'n sonnige rus wees.” D. F. Malherbe is in die diepste van sy gees op sy geboorte-grond, „veertig myl van Kaapstad, soos die kraai vlie, waar die hange van die Oorberge in effenheid van landerye verloop en waarin bergstrome jaar-in en jaar-uit aanvloei na die Bergrivier” . . . daar lê Daljosaphat. In dertig jaar tyds het die wêreld verander: „As ek daar beweeg, dan sien ek die aanskyn van die omgewing soos dit geteken staan in my jeugbeeld. Nog is die heuwels toegebank met renoster- en suikerbos en biesroei waar nou vrugteboorde pronk en graan gedy; nog is die hoë vleigras 'n speelgrond . . . nog soek 'n mens koekmakrankas in sonnige Meidae tussen agretta en renoster en olienhoutreuse . . . nog staan die rye tagtig voet hoë, vorstelike dennebome waarvan die heimlike windgeruis in die naalde nog altyd 'n mens se innerlike oor gryp,” al is dit alles oorwoeker nou deur nuwe dinge.

Die invloed van die jeugland met sy berge en strome, geloei van oostewind en vorme-vervagende mis, immer neersygende winterreën wat „bêre somershoop vir maaier,” wat die rooivlerkspreu laat uitkom

allendig op die eiketak,
so somber-swart
so windverward!
Die reënbui en die winterkou . . .
die berg is toe van wolkegrou —

en dan weer sy somerstilte bring met dae stralend van guns, hoe het dit met sy weelde en oorvloed neerslag gevind in 'n styl wat eweseer oorlopende kruike dra.

Maar meer nog: Is Malherbe se voorliefde vir groot figure, besetenes, geroepenes, nie te herlei tot sy jeugdige bewondering vir die hervormingsdriftige manne van die Gedenkskool en die Eerste Taalbeweging nie? Hulle was eenvoudige mense, maar mense van die onverwinbare geloof, voortgedring deur veroweringsvisioene, mense wat met 'n brand tussen lous en floues kon invlieg en hulle begeester tot die eendragtige daad. Hoe het Malherbe hulle geken? Hoe onthou hy hulle?

„Op dieselfde grond sien ek altyd nog die gestaltes van vroeër, middeljariges en oues, lyflik, met gebaar en gang, met die blymoedigheid op die gesig, hulle wat vir my alle wysheid gedra het en sterk was in geloof. Want hulle was in diep lewensgrond gewortel en hul wortels was gesond.”

Met hulle, skryf Malherbe in een van sy seldsame ontboeseminge, hou hy soms gemeenskap.

Vir hom is hulle soos gésels in Gods hand wat die onopregtheid en die waan-erns van die tyd kan uitdryf, die pronkende geleerdheidsvertoon sonder diepte en die roemlose vervlakking. Wie sal sê of 'n S. J. du Toit, „die groot kop, fyn in beplanning, skerp van insig, met geniale vergesig bedeel, oorspronklik, gevat, 'n man wat in tydperke gedink het en sy tyd altoos vooruit was”; 'n J. M. Hoffmann, met die vernaamheid van 'n vors; 'n F. S. du Toit, die onvermoeide en altyd aanwakkerende; 'n Gideon Malherbe „met blymoedige oë waarin witmanswaarde fonkel” — wie sal sê of manne soos hierdie D. F. Malherbe nie voorgesweef het toe hy 'n Rooi-Willem, 'n Groot-Gert, 'n Azkar of 'n August Fenting geskep het nie?

God gee die vonk. Dis primêr. Maar die kragte wat bevrug, ontlai en bepaal, vorm, toonaard en karakter gee, hulle stam vir die gevoelige uit die eerste liefde, die jeugmilieu van mens en natuur wat die ruwe hoekigheid van die worstelbestaan sag wegbalsem soos Bolandse misreën die skerp kranspunte van die berge; hulle is die tower van peinsende verlange en heimwee „in die donker smedery waar die kunstenaar werk”, die ontvangenis van styl en die geboorte van die „klein vertroostinkies uit donker gevoelsland gerys”, waarvan die paadjies en die grond wel aangewys kan word.

F. J. Eybers

'n Handvol Koring

'n Handvol korningsaad, ver hiervandaan
op velde uitgestrooi van Esdraelon,
sal ruis soos seders van die Libanon;
maar eers moet elke korrel sterf, . . . vergaan
soos stoppelkaf op dorsvloer uitgeslaan;
daarna, gelouter deur die somerson,
geryp tot saad en in homself 'n lewensbron,
kan krag weer spruit uit kiemende tarwegraan.

'n Handvol koring op die land sal ruis
soos sederbome op die Libanon,
tot ons sal sien hoe God sy aardryk klee,
en sterwend aan homself, óf graan óf gruis,
sal elk herleef en loof die Groot Oerbron
wat neem dat ons 'n voller maat kan gee.

Op die Berg by Gordonsbaai

Van Lowryspas se windverwaaide kruin
waar Helderberg in suiwer lig gedy,
oorkyk ek Kaapse Vlak en Botlary,
Constantia daar en Kirstenbosch se tuin;
in newelwaas gehul wys Kaappunt-puin
oor Valsbaai heen; en lieflik lê voor my
die skaakbord geskakeer van die vallei,
met wingerdvelde groen en braakland bruin.
Ek ken en min die skoonheid van my land
waar tjenkerientjies en heideblomme pryk,
die suikerbos en sewejaartjies tier —
simbool en sieraad van ons Suiderstrand—
met gloed en geur van keurboom koel en ryk
wat heuwelhang en -helling hier versier.

Op Een Morgen in Mei

door André Demedts

Het regende op Iepenhof en het water bleef in plasjes op de grasperken staan, daar het in de laatste tijd zoveel geregend had, dat de grond verzadigd was. Anna, de keukenmeid, stond bij het venster en verdeelde haar aandacht aan het weder buiten en de eetzaal, waarvan zij de deur op een kier had gezet. Zij verwachtte ieder ogenblik dat de ingenieur zou binnenkomen om te ontbijten en hechte er groot belang aan, dat hij niet zou moeten wachten.

Er was in de laatste twee jaar zoveel gebeurd op Iepenhof, dat zij huiverde nu zij eraan dacht. Vandaag zou mijnheer voorgoed de echtelijke woning verlaten en toen zij hem gisteren gevraagd had waar hij in het vervolg zijn intrek zou nemen, had hij geantwoord dat hij in de stad een kleine flat gehuurd had en zij zich niet om hem behoefde te bekommeren.

„Jij blijft natuurlijk hier, Anna, bij mevrouw en de kinderen.”

De vraag zou in haar onbescheidenheid onvergeeflijk geschenen hebben voor iemand, die niet op de hoogte was van de verhouding, die tussen de ingenieur en de keukenmeid bestond. Anna was ook bij zijn ouders in dienst geweest; zij was vijftien jaar ouder dan hij en had hem gekend toen hij nog een schoolknaap was. Moeilijkheden die hij voor zijn vrienden had verzwegen, had hij haar medegedeeld. Twee jaar geleden reeds, had hij zich terloops laten ontvallen: „Het gaat niet goed met Jenny; haar zenuwen zijn overspannen en wij moeten haar zoveel mogelijk sparen.”

Drie dagen geleden, toen hij 's avonds laat thuisgekomen, alleen in de eetzaal zat, zonder zich van de spijzen te bedienen, had Anna hem met zachte woorden aangespoord, dat hij toch iets zou nemen. Als antwoord had hij haar toevertrouwd, dat de beslissing gevallen was en een verder samenleven onmogelijk geworden.

„En de kinderen, mijnheer?”

„Voor hun geluk is het beter, dat zij bij hun moeder blijven. Ik zal zorgen dat het hun aan niets ontbreekt.”

Gisteravond had zij hem de vraag gesteld, of hij nooit op bezoek zou komen.

„Het is waarschijnlijk beter, dat de kinderen hun vader niet zo goed kennen.”

„Dat zegt ge maar uit bitterheid.”

„Jenny houdt vol dat het mijn schuld is, dat ons huwelijk tot een hel is geworden. Ik ben korzelig en zelfzuchtig geweest. Ik was niet tot een grote liefde in staat. Het is ten andere ongeveer zeker, dat ik veel avonden in verdachte gelegenheden doorgebracht heb.”

Hij lachte met een geluid dat vals klonk en Anna diep bedroefde.

„Gij weet dat het geen waar is, mijnheer; waarom zegt gij het dan?”

„Jij bent een brave vrouw, Anna, want jij legt alles zo gunstig mogelijk uit. Maar je bent hopeloos ouderwets en heel en al buiten de tijd gegroeid.”

Hij wilde op zijn besluit niet terugkomen, omdat zijn vrouw hem in zijn eergevoel had gekwetst. „Ik kan je niet duidelijk maken wat ik in de laatste jaren door onverstand en kleinzieligheid heb geleden.” Hij liep in de kamer op en neer om zijn zenuwen te bedaren. „Als ik hier blijf, zal ik krankzinnig worden of een misdaad begaan.”

„Ge zoudt er rekening mee moeten houden, mijnheer, dat mevrouw bijna voortdurend hoofdpijn heeft.”

„Haar pijn is belangrijker dan haar hoofd en haar verbeelding belangrijker dan haar pijn.”

Hij had besloten 's morgens vroeg te vertrekken, voor de kinderen wakker werden. Dat zou hem een pijnlijk afscheid besparen. Hij had slechts weerzin voor alles wat zweemde naar enig vertoon; tranen die zichtbaar langs de wangen vloeiden, wekten zijn misprijzen op.

En nu regende het eens te meer.

Zij hebben hun geluk verspeeld, dacht Anna, en nu is er geen kans op verzoening meer overgebleven. Waarom kunnen de mensen zo wreed zijn voor elkander? Ineens hoorde zij een stap in de eetzaal en toen zij vlug haar blik in die richting wendde, zag zij de ingenieur glim-

lachend binnentreden. Waarom voorwenden wat hij in de grond van zijn hart niet kon inzien? Hij droeg een lichtgrijs pak met een blauwe das en had zijn haar gladder gestreken dan hij gewoonlijk deed. Hij keek door de open keukendeur en vroeg: „Anna, ben jij daar?”

„Goedemorgen, mijnheer,” zei ze vriendelijk.

Hij beantwoordde haar groet even hartelijk. „Heb jij iets voor mij?” Zoals iedere morgen liep hij naar het raam om te zien welk weder het was. Het regende en hij was er niet mistevreden om.

Anna zette zijn ontbijt op tafel en hij begon zwijgend te eten. Zij wilde zich niet verwijderen, omdat zij hoopte dat hij er behoefte toe zou voelen zich uit te spreken en dan was het wenselijk voor zijn geluk, dat er iemand naar hem kon luisteren. Om zich een houding te geven, nam zij het stof af van die snuisterijen die op die schoorsteenmantel stonden.

Hij sprak evenwel geen woord en zij eerbiedigde dat zwijgen tot hij opstond om weg te gaan. Wat is hij veel veranderd, dacht zij bedroefd, terwijl zij hem gadesloeg; zijn schouders zakken af en hij loopt gebogen als iemand wiens veerkracht gebroken is.


De ingenieur keek op zijn armbandhorloge. „Het wordt tijd,” zei hij meteen. Hij stak een sigaret op en liep langzaam de eetzaal uit. Zij volgde hem met haar stofdoek in haar hand, alsof zij hoopte dat hij haar nog een dienst zou vragen. Maar alles was voorzien; alles was in orde. 's Avonds te voren had hij twee handkoffers ingepakt en ze in de hall gereed gezet.

„Ik zal ze wel dragen,” bood Anna aan.

„Ieder de zijne,” antwoordde hij.

Toen hij de voordeur opende, woei de regen hem in zijn gezicht; hij boog zijn hoofd nog dieper en zag op de stoep de overblijfselen liggen van het zwaluwnest, dat daags te voren nog onder de dakgoot gehangen had.

Zelfs om dat nest was er twist geweest. Jenny wilde dat het uitgestoken werd en telkens vernietigd dat de vogels opnieuw begonnen, tot zij voorgoed ontmoedigd naar elders trokken.



D. F. MALHERBE

Foto: Danc Brink, Bloemfontein.



Hij had geantwoord dat het niet zou gebeuren en er niet zonder sarkasme bijgevoegd: „Waar de zwaluwen wonen, huist het geluk.”

Toen Jenny vernam dat hij de tuinman verboden had het nest te vernietigen, had zij zelf een lange stok gezocht en het naar beneden gehaald. De zwaluwen hadden twee uren zitten treuren op de droge tak van een iep, die voor de woning stond, en waren daarna begonnen met hun nest weer op te bouwen. Vijfmaal had zij het uitgestoken en vijfmaal, met hetzelfde onredelijke vertrouwen, waren de vogels wederom aan het werk geslagen.

„Je moet een wreed hart hebben om die weerloze dieren hun geluk te misgunnen.”

„Ik zal niet beletten dat zij elders hun nest bouwen; maar hier bevullen zij de stoep en veroorzaken een heleboel last.”

„Het verheugte mij, dat zij naar onze woning gekomen zijn.”

„Omdat het mij ergert, dáárom ben jij blij!”

Nu was het nest toch op de grond gevallen, losgerukt door de wind en doorweekt door de regen.

„Daar ligt het geluk nu neergestort.”

Hij deed alsof hij lachte en stapte, door Anna gevolgd, over de modderplakken van het nest heen, en liep naar de garage. Toen hij de deur geopend had, stelde hij vast dat de linkervoorband van de auto leeggelopen was. Er was niemand die hem kon helpen en even aarzelde hij wat hij zou doen. Daarop trok hij zijn regenmantel en zijn jas uit en begon het wiel los te schroeven. De meid ging weer binnen in de villa om een stofjas te halen.

Jenny stond boven op de trap en scheen verrast toen zij Anna zag verschijnen.

„Is hij weg?” vroeg zij met een angstige bijtoon in haar stem.

„Mijnheer is in de garage.”

Anna ergerde zich aan de handelwijze en de vraag van mevrouw. Was zij opzettelijk opgestaan om getuige te zijn van het vertrek van degene die de vader van haar kinderen was en in leven en dood haar echtgenoot had moeten blijven? Als zij zo harteloos is, dacht de keukenmeid, zal ik haar geen blik meer waardig keuren.

Anna ging met de stofjas naar de garage.

„Dank je,” zei de ingenieur. „Ik wist wel dat jij nog iets voor mij voelde.”

Eindelijk kwam hij klaar. Hij zou haar nog een aanbeveling op het hart willen drukken. „Anna, als het gebeurt dat mevrouw niet thuis is, zul jij goed op de kinderen willen passen?”

„Natuurlijk, mijnheer.”

Hij was diep ontroerd; maar het was beter zijn gevoelens niet te laten blijken en niemand last te berokkenen, omdat het leven hem dwarszat.

„Als je naar de stad komt, moet je mij een bezoek brengen, Anna.

Zij beloofde het en hij drukte haar hand.

Hij liet de motor warm draaien, zoals hij 's ochtends altijd deed, en reed daarna langzaam het kiezelpad op. Het hek was dicht en Anna spoedde zich om het te gaan openen. Het bleek evenwel dat het nog gesloten was.

„De sleutel zal in huis liggen,” zei de ingenieur.

Zij vermoedde dat hij liever niet naar de woning terugkeerde en liep daarom zelf de sleutel halen. Toen zij in de hall kwam, stond Jenny beneden aan de trap. Zij was bleek en scheen hevig ontdaan.

Anna wilde aan haar voorbijlopen zonder te spreken, toen Jenny het woord tot haar richtte.

„Nikie is ziek,” zei ze gejaagd.

De keukenmeid had de sleutel genomen van het haakje, waaraan hij gewoonlijk ophing, en keerde naar de deur terug.

„Hij is ziek,” herhaalde Jenny. „Hij heeft negen en dertig koorts.”

„Gij zult om de dokter moeten telefoneren.” Het klonk zo onverschillig, alsof Anna niet in het minst door de ziekte van Nikie of de angst van zijn moeder getroffen was. Mijnheer wachtte voor het gesloten hek, om voor altijd weg te rijden, en zij wilde hem de troost medegeven, dat er althans iemand was, die met hem medevoelde. Mevrouw macht kwaad worden; Anna had er dat voor over.

Maar mevrouw werd niet kwaad. „Ik heb willen telefoneren,” verklaarde zij en het klonk bijna hulpeloos. „Ik

heb niemand kunnen bereiken en vrees dat de telefoon gebroken is."

„Wat verlangt ge dan?" vroeg Anna ineens getroffen.

„Ik weet het niet," steunde mevrouw. „Ik weet niets meer." Zij hield zich op aan de leuning van de trap en staarde wanhopig voor zich uit.

Op dat ogenblik stapte mijnheer over de overblijfselen van het zwaluwnest en trad de hall binnen. Het had hem een ongelooflijk lange tijd toegeschenen voor Anna terugkwam, en daarom was hij uit de auto gestapt, besloten zelf om de sleutel te komen zoeken.

Hij begon te vermoeden dat het geen toevalligheden waren, dat het zwaluwnest vernietigd, de band van de auto leeggelopen en het hek gesloten waren. Hij leek niet bepaald vriendelijk en had een hatelijkheid op de lippen, toen hij Jenny zag staan. Zij voorkwam een uitbarsting door zich te verontschuldigen. „Nikie is erg ziek," zei ze met matte stem, „en de telefoon is gebroken."

Nikie was drie jaar en het kind waar hij, zonder het zichzelf te durven bekennen, het meest van hield. Hij had omwille van de kinderen veel van zijn vrouw verdragen, en het was eerst na een lange en bittere zielestrijd geweest, dat hij had kunnen besluiten de echtelijke woning te verlaten zonder hen mede te nemen. Een vader moet zorgen voor het brood van de zijnen en het zou zijn kinderen aan niets ontbreken, want hij zou voor een ruime maandelijksse toelage zorg dragen; maar een moeder moet instaan voor de spijs van hun hart en hun ziel en voor die taak zou hij haar niet kunnen vervangen. Iemand die zonder een moeder is opgegroeid, ontbeert het zachte en milde van het leven.

Hij keek langs Jenny heen. „Wat is er met Nikie?" vroeg hij, terwijl hij zich ontzettend beklemd gevoelde. Gedurende de laatste maanden had hij voortdurend een gewicht op zich voelen drukken. Nog enige tijd zo verder leven, had hij gedacht, en mijn hart zal begeven. Ik moet weg of ik ga aan haar tergerijen ten onder en dan zal er geen geld zijn om de studies van de kinderen te betalen.

„Nikie heeft hoge koorts."

„Het zal niet erg zijn," sprak hij zichzelf moed in.

De auto stond voor het hek en Anna hield de sleutel in haar hand.

„Hij heeft naar u gevraagd,” zei Jenny.

Zij begon te huilen en toen hij aandachtig naar haar keek, stelde hij vast, dat zij vrij van aanmatiging, eenvoudig en toegewijd was, als jaren geleden, toen hij haar pas had leren kennen.

Had Anna enig vermoeden van wat er gebeuren zou? Zij keerde zich om en liep langzaam naar de deur, die zij achter zich dichttrok.

De ingenieur ging naar boven en Jenny volgde hem. Toen zij op Nikie's kamer kwamen, zat de jongen rechtop in zijn bedje en keek beurtelings zijn ouders aan. Hij kon niet begrijpen waarom zij daar stonden en voelde zich angstig om het ongewone van het geval.

De ingenieur reikte zijn vrouw de thermometer aan. Zij nam hem zwijgend over, want zij kon het eerste woord van de onvermijdelijke bekentenis over haar lippen niet krijgen.

„Kom,” drong hij aan, „straks moet ik weg.”

Eindelijk was zij sterk genoeg om de waarheid te zeggen. „Het is nutteloos,” gaf zij toe. „Nikie heeft geen koorts; ik heb u bedrogen.”

Hij wilde antwoorden dat het de eerste maal niet meer was, toen hij zag dat zij haar blik neergeslagen hield. Dat ontwapende hem.

„Waarom hebt ge mij bedrogen?” vroeg hij.

Waarom regende het? Waarom was het zwaluwnest neergestort? Waarom was de band van de auto leeggelopen en het hek gesloten? Daaraan had zij toch geen schuld . . . Was er een hoger Macht, die hem een vingerwijzing gaf?

„De jongen is niet zeker dan anders,” bekende zij. „Maar . . . ”

Zij kon de zin niet voltooien en ineens zag hij in haar zielsgesteltenis klaar. Haar aanblik greep hem zodanig aan, dat hij zich niet langer in deze kamer mocht ophouden, als hij wilde vermijden, dat hij zijn tranen niet kon beheersen.

„Jongen, blijf nog wat liggen,” zei hij; „het is nog te vroeg om op te staan voor jou.”

Hij ging weg uit de kamer en Jenny hoorde hem met zware stappen de trap afdalen. Zij liep naar het venster en tuurde naar buiten. Het duurde een ontzettend lange tijd, docht het haar, voor zij hem beneden op het kiezelpad zag verschijnen.

Anna had ondertussen het hek ontsloten en wagenwijd geopend.

De ingenieur keek niet op en liep als iemand, die 's avonds vermoeid van zijn werk naar huis komt. Hij nam plaats in zijn wagen. Jenny hoorde het portier dichtklappen; het starten van de motor klonk niet meer tot haar door, maar zij zag een blauw rookwolkje uit de uitlaatbuis verschijnen en vlug verijlen. Zij wilde haar ogen sluiten om niet te moeten zien hoe haar man wegreed om nooit terug te keren. Maar voor haar oogleden gesloten waren, opende zij hen opnieuw. Er was iets onverwacht met de auto gebeurd: in de plaats van het hek uit te rijden, rolde hij langzaam achteruit.

„Wat doet vader nu?” klonk een verwonderd stemmetjie aan haar zijde.

Zij had nog niet gemerkt, dat Nikie recht op zijn bedje was gaan staan en nieuwsgierig naar buiten keek.

„Het weder is te slecht,” antwoordde zij toonloos, „opdat hij naar zijn werk zou kunnen gaan.”

En inderdaad, het regende nog altijd, langzaam, langzaam, met bibberende waterdruppels, lekkend van blad op blad, en openspattend op de plasjes, die reeds op de grasperken stonden.

Elizabeth C. M. du Toit

Waar Sterre Soos Fakkels

Waar sterre soos fakkels aan die lugkoepel skyn,
lê 'n ketting berge in 'n wit woestyn:
daarbinne, in betowerde slaap gehou,
lê sewehonderd jaar al 'n bleekwit vrou —
alléén in die geluidlose dag,
alléén in die liglose nag.

Al wat sy hoor deur haar drome heen,
is die dowwe getik van die wind of reën:
só eentonig die klanke, so dof
soos ou verdriet onder tyd se stof . . .
Oor haar hart hang 'n rooi robyn:
Ken sy vreugde? Ken sy pyn?
Waarvan droom sy, ewig alleen
onder die wanhopige geroep van die reën?
Alóm haar dein die wildernis,
wat die verblyf van die warrelwind is;
swerwers vergaan daar van die dors,
of aasvoëls skeur hul die hart uit die bors.
Wie sal deurkom, sonder vergaan,
tot waar dié tempel van towery staan?
Wie sal die skone slaapster kan wek
na sewehonderd jare, om te ontdek
of daardie betowerde hart
vreugde nog kan smaak, of smart?

Die Appelboom, die Gesing en die Goud

Wie ken die grot met sy klimop-gordyn
van wit kamperfoelie en ster-geel jasmyn?

„Digterby, digterby!”
sing die kokkewiet. „Digterby!”

Daar is 'n gang vol rook en mis
wat lei na die tuin waar die Lewensboom is.

„So waarlik, so waarlik!”
kras die bergkorhaan. „So waarlik!”

Daar lê 'n eiland in 'n bergmeer se blou
wat net oë van kinders ooit aanskou.

„Dis te laat, te laat!”
skree janfiskaal. „Te laat!”

Tussen die rotse aan die swerwer se voet
swem purper visse in die persblou vloed.

„Dis oorkant, dis oorkant!”
piep die bergpatrys. „Dis oorkant!”

'n Reënboog vorm die wolk-hoë brug —
onder is die branders en die wind se sug.

„Ag sotlik, ag sotlik!”
spot die rawe. „Ag hoe sotlik!”

Op die eiland groei die Boom van Lewe in die woud:
daar is die appelboom, die gesange en die goud . . .

„Iewers, ai, en niewers!”
tjirp die tintinkie. „Ai, iewers!”

Die Hollebollewa

Hartjie-my-Liefie, in die Hollebollewa,
rammel Juffer Bieba, deur Honger Gys geja!

Holderstebolder
gaan die Hollebollewa!

'n Hamerkop wat netjies deur die vleibossies stap,
brom: „Errika en Berrika, alweer 'n satansgrap!”

(Dié ou platkop-, langbeen-,
paddakop-kraker!)

En Annerkant-Die-Rant sit mos Outannie Dood
gekrom op 'n grafsteen, 'n spinwiel op die skoot,
'n Vaarlantswilg oor haar en 'n Verlowingsboom,
en 'n Moedergöttesvogel op haar skouer aan die droom.

Die perdepote nik-nak,
die wa se wiele knik-knak,
en Hongerige Gys
laat sy oogtande wys!

Toe kraai Outannie Dood: „Hier aasvoël! Hier, hiëna!
Kom keer voor daardie begogelde ou Hollebollewa!
Want Honger Gys se kloue gryp al amper Juf Bieba beet,
en Ower-Die-Berge wag die grafsuil, en hier's die lyke-
kleed!”

O, die Duiwel's op die land,
doér, Annerkant-Die-Rant,
die Duiwel's op die land
met 'n sekel in sy hand,
en holderstebolder
gaan die Hollebollewa,
holderste-holderste-bolder!
En Juffer Bieba bibber
vir die Duiwel op die land!
Ja, Juffer Bieba bibber
voor honger Gys se hand!
Holderste-holderste-holderstebolder,
gaan daardie dolle ou Hollebollewa!

Herfs in die Park

In die park, tussen deur die brons en geel
bome van herfs, stap vanmiddag tweé:
'n man, en sy seuntjie wat langs hom speel.
Die vader swyg, gaan met stadige treë
die laning af, al onder verwarde takke
oor die hemel gespan soos spinnerakke,
en elke nou en dan val voor hom daar
van bo af 'n skarlaken of goudrooi blaar . . .
Die kind soek tussen die boomstamme rond
na skatte tussen die gras op die grond:
'n ronde paddastoel, wat skielik ontplof,
as mens hom trap, in 'n walm van stof;
'n groot swart peul wat mens oop kan breek
(daarin is bloedrooi saadjies versteek!);
of 'n voël se vlerkveer, gespikkel met swart;
of 'n blom met 'n lepelvol stuifmeel as hart;
of 'n roesrooi rits van bloekombas wat
uit die helderblou lug hom buig oor die pad;
of 'n druppel suursoet doringboomgom;
of 'n by wat vaak en nors vir mens brom!
In die louwarm sonlig speel die kindjie aan
met sy skatte, van die herfs en die aardse gewin,
besiel met die drang om óók te verstaan,
óók te mag ken, en óók te bemin.

Iets oor die Estetiese

Deur F. J. Snijman

Dit was Keats wat gesê het: „A thing of beauty is a joy forever.” En daarmee het hy 'n verskynsel onder woorde gebring wat elkeen seker uit eie ervaring ken en dit op 'n wyse wat die uitspraak terselfdertyd toepaslik maak op die uitdrukking self. Dit gaan hier om iets wat onmiddellik klaarblyklik is. Maar anders word dit as ons hierdie verskynsel ook verstandelik wil ontleed en ons afvra: waarin lê die skone nou eintlik; waarom is iets skoon; wat is die wese van hierdie begrip? Met hierdie en dergelike vrae beland ons op die gebied van die estetika, die wetenskap wat handel oor die skone in sy breë sin.

Die woord „estetika” het reeds 'n betreklike lang geskiedenis agter die rug. Dit word telkens, namate die insigte wissel, die draer van 'n gewysigde verklaring en ook tans is daar nog nie 'n vir almal aanvaarbare finaliteit bereik nie. Miskien is 'n sodanige finaliteit ook uit die aard van die saak onmoontlik, want hoewel in elke geslaagde kunswerk — en oor kunswerke gaan dit hier hoofsaaklik — 'n blywende estetiese faktor aanwesig is, stel elke tyd ook sy eie eise en bring daarmee nuwe gesigspunte in die heersende posisie. Die term is afkomstig van die Griekse woord „aisthanomai”, wat „waarneem” beteken, sodat „estetika” eintlik „leer van die waarneem” beteken. Met betrekking tot die kunsbeleving is dit vir die eerste keer teen 1750, deur A. G. Baumgarten in sy werk „Aesthetica acroamatica” gebruik en wysgerig bepaal as wetenskap van die sensitiewe kennis. Die skoonheid van iets is volgens hom geleë in die sinlike volmaaktheid daarvan.¹⁾

'n Oppervlakkige verkenning van die ervaringswêreld lei al gou tot die insig dat die gewaarwordinge waar dit hier om gaan, nie beperk is tot die terrein van die kuns nie. Dit is ook op ander gebiede en in ander situasies 'n bekende verskynsel. Kunsgenot is 'n onderdeel van ons estetiese

1) Vir 'n kort oorsig van die ontwikkeling van die begrip „estetika”, vgl. die betrokke artikel in „Encyclopaedisch Handboek van het Moderne Denken”, deur Banning, Proost, e.a., 3e dr., Arnhem, 1950.

belewing in die algemeen. Maar as ons ons beperk tot hierdie gebied, waarop die term in hoofsaak sy toepassing vind, dan stuit ons ook teen dié moeilikheid dat hier 'n verskeidenheid aanwesig is, soos die komiese, die tragiese, die verhevene, ens., wat nie sonder meer gedek word deur die begrip „skone” in die gewone sin van 'n volmaaktheid wat 'n lugevoel van 'n besondere fynheid en suiwerheid opwek nie. Soms is daar ook dinge soos die lelike en die lae aanwesig.

Hoewel die term estetika eers in die 18e eeu sy intrede gedoen het, het besinning oor hierdie en dergelike aspekte van die kuns egter reeds van vroeg af die teoretiese denke besig gehou en pogings tot gevolg gehad om die wette van die estetiese te ontdek. Vir eeue lank, tot by die kunstenaars van die Goue Eeu in Nederland en die naturaliste daarna, was Plato en Aristoteles hierin die wegwysers en is van die kunstenaar verlang dat hy die natuur moes naboots, wat as sodanig as hoogste skepping gegeld het. Tog het reeds met die Neo-Platonici, soos Plotinus, 'n ander rigting begin baan breek wat die aksent verlê het na 'n vryer beoordeling van die waargenomene en die Idee in die kunswerk na vore gehaal het. Dit lei dan in die Renaissance by baie van die groot kunstenaars tot die strewe om die twee rigtings so te verbind dat 'n nabootsing van die natuur tot middel word om 'n idee tot uiting te bring.

Ná Baumgarten maak die spekulatiewe estetika groot opgang onder die filosowe van die tyd en word die beskouinge verinnerlik en verlê na die vlak van die bewus-syn. So is vir Kant die skoonheidsaandoening geleë in 'n spesiale vermoë van die siel, wat hom afgrens van die teoretiese en praktiese rede en in suiwer vorm gewek word deur voorwerpe met belangelose assosiasies. Daardeur word die skoonheid gemaak tot 'n betrekking tussen subjek en objek en word die egte skoonheidsgevoel in 'n groot mate beperk tot dinge wat uiteraard nie die belanghebbendheid prikkel nie, soos blomme, voëls, ens. By Hegel, en ná hom by F. T. Vischer, is dit die Idee, as absolute verskynsel, wat in die estetika oorheers. In die kuns word die Idee sinlik waarneembaar beliggaam, en daarmee word die kuns op die vlak van die religie en die wysbegeerte geplaas wat

ewe-eens in die betrekking staan van bewuswording van die Absolute. Hierdie rigting het ook nog in ons tyd sy uitlopers, o.a. by Bierens de Haan, vir wie die estetiese beleving 'n beleving is van die idee, die ware, die algemene, in sinlike aanskoulikheid, aanskoulike redelikheid.

Langs hierdie begripseestetika het egter ook 'n ander rigting, die vormestetika, ontwikkel, met J. F. Herbart as belangrike verteenwoordiger. Hy maak 'n onderskeid tussen vorm en inhoud en maak eersgenoemde die draer van skoonheid. Die inhoud, omdat dié van verskillende aard kan wees, behoort vir hom tot ander gebiede.

Naas hierdie wysgerige benadering van die vraagstuk, het die psigologiese belangstelling van die 19e eeu — eintlik al die 18e eeu, veral in Engeland — daartoe gelei om ook die estetiese psigologies op te vat en dit daarmee te sentreer in die mens self. Immers, so is geredeneer, 'n ding word pas in die waarneming, d.i., wanneer dit tot inhoud van die bewussyn geword het, as esteties gekwalifiseer. Die eienskappe daarvan word deur die sintuie bepaal en die indruk word subjektief beding, gekleur en ook besiel. Th. Lipps het in hierdie verband die term „Einfühlung”, invoeling, gebruik, waarmee gesê wil word dat ons onself, ons bewuste en onbewuste gevoelens, in die natuur- en kunsvoorwerpe inlê, en wat ons hier as behaaglik of ontroerend tref, 'n herkenning is van iets wat reeds in onself aanwesig is en noodsaaklik moet wees. Die estetiese bestaan hiervolgens dus daarin dat ons deur die sinlike gewaarwording ons voelend verenig met 'n objek waarin ons subjektiewe momente, wat bewus of disposisioneel in ons leef, in 'n besondere werksame hoedanigheid aantref. Hiermee word dus sowel aan die objek as aan die subjek eienskappe toegeken wat in wisselwerking die estetiese bepaal.

Omdat die psigologiese estetika uiteraard subjektief beding word en daarom o.a. moeilik toegang verleen tot die kuns van verre volke en tye, wou andere, soos E. Meumann en J. Volkelt, sonder om die waarde van die sielkunde te ontken, by die voorwerp aanknoop en 'n objektiewe estetika fundeer wat in diens moet staan van die subjektiewe. In hierdie strewe wou Volkelt die wette, die norme, vind wat die waardes op hierdie gebied beheers.

Norme van hierdie aard vind hy o.a., by die subjek, in die saamgaan van voel en waarneem; by die kunswerk, in die eenheid van vorm en inhoud. En so ook, by die subjek, 'n instelling wat onttrek is aan die praktiese realiteit; en by die estetiese voorwerp — by sommige kategorieë altans — 'n wêreld van die skyn.

Maar intussen het ons al in ons eie tyd beland, waarin daar ook 'n sterk stroming waarneembaar is wat die voortsetting vorm van een wat reeds in die 19e eeu in Frankryk, met H. Taine en J. M. Guyau, as reaksie teen die metafisiese en psigologiese estetika opgekom het. Dit is die sgn. estetika van die verstandhouding, wat bv. in 'n land soos Rusland met nadruk geld. Hiervolgens moet die kuns die maatskappy dien en help vorm, sodat hiermee die estetiese eintlik nie meer vry en op homself gesien word nie, maar afhanklik gemaak word van 'n funksie wat buite sy eie kader gaan.

Oorsien ons nou hierdie verskillende rigtinge, dan bied dit ons 'n verskeidenheid waarvan dit duidelik is dat 'n integrasie uiters moeilik, so nie onmoontlik is nie. En tog kan elke standpunt 'n groter of kleiner mate van geldigheid vir hom opeis. In die estetiese slaan hulle saam. Dit is ook duidelik dat ons hier met 'n verskynsel te doen het wat onderhewig is aan tyd-ruimtelike faktore. Vandaar dat Stutterheim moet versug: „Het schijnt, of de aesthica nooit verder kan komen dan historische en subjectieve bepaaldheid”²⁾. Maar, soos hy daar aan die ander kant aan toevoeg, elke subjektiewe oordeel, wat die karakter van waaragtigheid dra, eis vir homself objektiewe geldigheid wat voortvloei uit 'n subjektief bepaalde noodsaaklikheid volgens innerlike evidensie. So verskyn die persoonlik bepaalde eensydigheid as noodsaaklike deel van die alsydigheid.

Dit is egter klaar dat dit hier gaan om 'n objektiewe gebied en 'n subjektiewe gebied en die betrekking tussen die twee. In hierdie betrekking openbaar hom die estetiese as subjektiewe verskynsel met objektiewe grond.

As ons ons nou tot die kuns, die vernaamste gebied van die estetiese, beperk en daarby met die vraag: wat is

²⁾ C. F. P. Stutterheim: *Schoonheid en Expressiviteit van het Kunstwerk*, in „Tijdschr. voor Phil.”, jg. 8 (1946), p. 481.

kuns? uitgaan van die kunstenaar, dan kry ons tot antwoord die opvatting wat veral sedert die begin van ons eeu met die werke van B. Croce veld gewen het in die Weste, nl. kuns is ekspressie³⁾, ekspressie van 'n gevoelsinhoud in 'n intuïtiewe beeld wat in die kunswerk veruitwendig word. Teen hierdie opvatting word egter deur sommige kritici, uit objektiewe sowel as uit subjektiewe oorweginge beswaar gemaak. Vanuit 'n objektiewe standpunt stel dit ons bv. nie in staat om te kom tot 'n kunsgeskiedenis wat 'n ontwikkeling inhou nie⁴⁾. En van subjektiewe kant word gesê dat alle adekwate ekspressie, bv. lag en huil, of ook al ons innerlik visuele voorstellinge (vgl. ons drome) nog geen kunswerke of potensiële kunswerke is of behoef te wees nie. Wat hierby onvoorwaardelik aanwesig moet wees, is 'n estetiese moment, wat op homself primêr is al is dit ook onlosmaaklik ingevleg in ander emosies. Die definisie van kuns moet hiervolgens dus gewysig word tot die geslaagde ekspressie van 'n kompleks waarvan 'n estetiese bewoënheid 'n integreerende moment is⁵⁾.

Maar dan, bring 'n primêrmaking sonder meer van die estetiese ervaring ons eintlik nader aan 'n oplossing van die probleem? Die hele geskiedenis van die estetika toon dat met so 'n „oplossing” nog nooit genoë geneem is nie. Daar is selfs bewys voor nodig om die onoplosbaarheid te bewys. Die deurdringende aard van die menslike gees wil so 'n gewigtige kultuurmoment minstens bepalend plaas in die raamwerk van fundamentele koördinate.

T.o.v. die mens sou ons as so 'n koördinaat sy Ek-gesentreerdheid kan beskou. Rondom hierdie sentrum kan ons baie sielkundige verskynsels in samehang bring deur hulle uit te druk met gebruikmaking van Ek-verhoudinge en -verwerklikinge t.o.v. die buitewêreld. So sou ons, sonder om noukeurig te wil definieer, liefde bv. kan sien as selfverwerkliking in positiewe gevoelsbinding; heerssug as die sug tot selfverwerkliking in die totstandbring van 'n onderskikkende ordening, ens. Maar skoonheidsontroering,

3) Vgl. bv. Brevier van Aesthica (Ndl. Vert. Arnhem, 1926), pp. 95, 49.

4) Vgl. H. Friedrich: Croces Asthetik und Vosslers Sprachphilosophie in „Zeitschr. f. Französischen u. Englischen Unterricht”, Jg. 31, p. 205.

5) Vgl. Stutterheim, t.a.p., p. 470.

hoe sou dié gedefinieer moet word langs hierdie weg? Wat is die moment wat in 'n gegewe kompleks of voorwerp die estetiese skepping of genieting beding?

Vra ons die kunstenaars self, en nie die teoretici nie, dan kry ons antwoorde soos dié wat hierbo aangehaal is van Keats, of wat vervat is in die bekende reël van Shelley: „Our sweetest songs are those that tell of saddest thought.” En by Valéry heet dit: Die definisie van die skone is maklik: dit is dit wat laat wanhoop⁶).

Uitsprake van hierdie aard kan nog vermeerder word waarin die estetiese ervaring, wat ons gewoonlik met lusgevoelens verbind, aan die kant van die kunstenaars in betrekking gestel word met die teenoorgestelde.

Hierdie aspek hang moontlik saam met die aard van die gevoelslewe wat gekenmerk word deur 'n wisselspel van kontraste. Die een gevoelsmoment is verbonde aan die ander as sy polêre komplement. Toegepas op die betrokke terrein, kan dit bv. beteken dat die gevangene beelde van vryheid gelyk sal stel met die skone; die afgesloofde, dae van sorgelose rus; hy wat versmag in die eentonigheid van 'n sleurgang, sal hunker na die verkwikking van avontuur of van 'n dwase, onbesonne daad; terwyl hy wat in skeurende vertwyfeling sit, hom sal verlustig in die oplossing wat die teenstellinge sal oorbrug en die persoonlikheid sal opneem in 'n leweprikkelende, sinvolle sintese. So gesien, sou die kuns dan kortom gedefinieer kan word as die onwerklike vervulling van 'n werklike verlange.

Dit lyk of so 'n oplossing sal opgaan vir 'n aantal gevalle, maar daar is ook voor die hand liggende moeilikhede. Immers, as kunsskepping ekspressie is volgens die beginsel van polariteit, dan sou 'n uitsegging van blydschap- of droefheid-op-sigself buite die kategorie val, terwyl 'n treurspel dan t.o.v. die kunstenaar gesien sal moet word as die uitdrukking van 'n blydskapsgevoel. En t.o.v. die waarnemer verklaar dit nog weinig of niks.

Kom ons by die waarnemer, dan is dit duidelik dat ons nie van die ekspressie nie, maar van die impressie moet uitgaan. Dit is stellig as indruk dat die estetiese vir die grote gros van mense betekenis het.

6) Vgl. P. Valéry: *Lettre sur Mallarmé, Variété II*, 1930, p. 219.

T.o.v. die voorwerp as uitgangspunt, is daar diegene wat, soos ons gesien het, van oortuiging is dat die estetiese 'n subjektiewe „toevoeging” is tot die objektiewe indruk. Ons ken trouens almal die uitwerking van ons gemoedstemming op ons ervaring van die buitewêreld. 'n Geluk wat ons tref, maak die somberste dag vrolik, en omgekeerd. Namate die mens opgroei, sien hy die wêreld anders; die een tydperk se vormgewing verskil van dié van 'n ander. Daar is talryke bewyse van die deurslaggewende belang van die subjektiewe gesteldheid. Dit is o.m. selektief teenoor die buitewêreld. Maar binne hierdie kader het ook die voorwerp 'n bepalende stem in die kapittel. Dit is in elk geval die verwekker van die indruk, dit kan die mens aanspreek en is in dié opsig outonoom. Die treurspel spreek ons anders aan as die klug, die musiekstuk as die beeldhouwerk, die Karoo as die Wildernis. So is die „boomheid” van 'n boom, die „granietheid” van graniet en die sin wat spreek uit die kunstvolle skeppingsdaad primêr gegee deur die voorwerpe, al word die ervaring daarvan ook volstrek beding deur die menslike en in 'n ruime mate deur die persoonlike. Daar is dinge wat die mens met so 'n krag aanspreek (vgl. bv. 'n drama), dat dit hom dwing om uit sy eie feitewêreld te tree in 'n wêreld met ander „werklikheids”-gegewens en met eie verhoudinge. In hierdie verband gebruik Leo Frobenius die term „Ergriffenheit”, aangegrepenheid, en noem die onderskeidende vermoë van die mens wat hom daarvoor toeganklik maak, dié van „Wirklichkeitsempfängnis”⁷⁾). Kragtens sy liggaamheid is die mens deel van die dinge, maar kragtens sy vermoë tot werklikheidsoorgawe en werklikheidsontvangning, kan hy binne die begrensing van subjektiewe voorwaardes hom laat opneem deur die objek, in so 'n mate daardeur aangegryp word, dat hy die wese daarvan sinvol in hom opneem tot nuwe gestalte.

Met hierdie „wese van die dinge”, as die sinvolle sintese van die subjek en die objek, dring ons dan blykbaar deur tot 'n ander koördinaat, die dieptedimensie, wat van krag is sowel vir die skeppende as vir die waarnemende persoon.

Dit lyk of dit uit die aard van die saak volg dat hierdie

⁷⁾ Vgl. L. Frobenius: Kulturgeschichte Afrikas, Phaidon-verlag, 1933, p. 25.



BORSBEELD VAN GENL. J. B. M. HERTZOG DEUR STEYNBERG



dimensie van die wesenlike, die singewende, die ideële, die algemene, op verskillende hoogtes gestel kan word volgens die wil en oortuiging van die kunstenaar en volgens die aard van die objek, en dat dit van die ander kant ooreenkomstig ervaar kan word. Dit kan lê in die liefdevolle uitbeelding van die voorwerp, waarby sy essensies hul in hul tydeloosheid ontplooi; dit kan lê in 'n voelbaarmaking van die blywende in die wisselende gang van die toevallige; maar dit kan ook lê in die verwerkliking van die hoogste waardes, die uiteindelijke Waarheid, in die voorstelling van 'n werklikheidsgeheel wat daardeur die karakter van tydelose representatiewiteit kry.

Maar aan die ander kant, deur die subjektiewe kondisionering word elke, sodanige ervaring wat die persoon aanspreek, intuïtief begryp vanuit die eenheid van 'n wêreldbeskouing, as die bewuste of onbewuste opvatting van en houding teenoor die werklikheid en daarmee die laaste bestaansgrond. Daardeur word die „verskillende hoogtes” in samehang gebring. En dit gebeur intuïtief, omdat dit hier gaan om 'n onmiddellike, gevoelvolle kenning, waarin die redelike hom immanent handhaaf in die affektiewe stroom van die ervaring.

Beskou vanuit hierdie gesigspunt, beteken skepping dus mede onthulling, onthulling van die wesenlike, die algemene, in werksame verskyningsvorm; en skoonheidsbeleving, beleving van hierdie wesenlike. Maar daar die wesenlike 'n oorwinning is van die betreklike, beteken beleving daarvan bevryding uit 'n gebannenheid in die betreklike, d.i. 'n aanvoeling van die volheid van die selfgenoegsame. Dit wil voorkom of dit hierin is dat ons die wese van die estetiese moet sien: in hierdie deurligtende aanvoeling van die Werklikheid, die algemene in die besondere. Sprekende oor die probleem van die tragiese, sê Spoerri dan ook tereg⁸): „In der Gegenwart dessen, der ist, was er ist, weiss ich plötzlich, dass ich bin, der ich bin . . . Wäre das Absolute ein Nichts, so stünde man im Augenblick, da man an die eigene Grenze käme, vor der absolute Leere und müsste verzweifeln. Alle Beglückung ist immer das Zeichen einer neuen Begegnung mit der Wirklichkeit.”

8) Theophil Spoerri: Das Problem des Tragischen, in „Trivium”, Jg. 5, 3, p. 174.

Die geslaagde kunswerk plaas ons dus, binne die geslote raamwerk van sy eie betrekkinge, in 'n voelende aanraking met die wesenlike, in die „kragveld” van die selfgenoegsame en daarmee, omdat dit tot persoonlike ontvangenis en sintese lei, in die kragveld van lewensvolheid⁹⁾. So verskyn dan die intuïtief aangevoelde volheid van die lewe as die brose, maar suiwere genot wat ons die estetiese ontroering noem.

Aan die hand van hierdie insigte, kan ons nou ook in verband met 'n paar ander vrae klaarheid probeer vind.

Ten eerste is daar die estetiese gevoel wat die tragiese by ons opwek. Dit is duidelik dat ons die wesenlike kan ervaar deur voelende aanraking, maar dat ons ook in die kragveld daarvan kan kom deur voelend geplaas te word in 'n verband van naderkom of weggaan, ontmoeting of skeiding, wording of verval. Die essensiële is dat die effektiewe verband moet bestaan. In die treurspel is daar die verwydering van 'n as absoluut gestelde norm. Gevolglik tree 'n spanning in wat tot die uiterste grense opgevoer word, totdat daar 'n lewe breek en die Absolute, in sy gegewe bestek, naak onthul word in sy soewereine geldigheid.

Maar ook kry, vervolgens, die droefheid en vertwyfeling waarvan Shelley en Valéry praat, hier hulle geldigheid. Dit is immers in sulke tye van innerlike nood dat die mens sy eie diepste wese ontdek en die deurstralende sin van die dinge in beleving daaraan ontworstel.

Ten derde wat betref die lelike, pynlike en dergelike meer wat ons ook uit die kuns ken. Hulle posisie hang saam met die geheelkarakter van die kunswerk. Omdat dit 'n geslote geheel is, staan alle dinge daarin in onderlinge verband. Dit beteken dat die liggende moment slegs des te kragtiger straal namate sy donker teenhanger werksamer aanwesig is. In wisselwerking beliggaam hulle groter spanning en deur wederkerige afgrensing word die heersende wesensbeeld verskerp aangevoel.

'n Ander interessante punt wat die hele vraagstuk van die estetiese raak, is geleë in die verskynsel dat die estetiese steeds in intieme verband met die sinlike aangetref word. Die kunstenaar skep in 'n sinlike medium, of vanuit 'n

9) Vgl. ook Spoerri: Präludium zur Poesie, Berlyn, 1929, p. 126.

konkrete betrokkenheid, soos in die taalkunswerk, en ons ervaar die gewaarwording in 'n sodanige verskyning op sy suiwerste en sterkste. Weliswaar kan ons dit ook bv. in taalprodukte, waar dit hier veral om gaan, in die abstrakte redelikheid ondervind, maar dit is tog seldsaam en ons bly gestel voor die feit dat hoewel die mens hom beroem op sy redelikheid en abstraherende vermoë, hy by hierdie eteriese en edele gewaarwording aangewese bly op die materiële orde. Hoe kom dit?

As ons aanneem, soos hierbo, dat die estetiese ontroering gebore word uit die beleving, d.i. die innerlik pakkende aanraking, van die werklikheid soos dit *bestaan*, dan voer 'n kort ondersoek van die redelike werking van die abstrahering ons al gou tot 'n aanneemlike verklaring. Wat gebeur nl. daar? Laat ons dit aan 'n eenvoudige voorbeeld nagaan en, met vir 'n oomblik te vergeet dat die woord self al 'n abstraksie is, aanneem dat ons in die konkrete werklikheid staan met die woord „Kaapstad”. As eerste abstraksie hiervan kry ons die begrip „stad”; en dit is meteen duidelik dat hier 'n oorgang voltrek is van die individuele na die kategoriale, van die enige na die algemene op die konkrete niveau. As tweede abstraksie sou ons kan kry die begrip „stedelikheid”, wat beteken dat die algemene (soortlike) op die konkrete niveau oorgegaan het in 'n nog algemener kategorie van hoedanigheid, met 'n ooreenkomstige wyer veld van toepassing, maar met haas geen konkrete onderskeidings meer nie. Die abstraksie beteken dus veralgemening, maar terselfdertyd verlies aan individuele kenmerke. Of, anders gestel, met abstraksie gaan ons oor tot kategorievorming en, omdat dié berus op vergelyking, daarmee tot die gebied van die betreklikheid, d.i. die negasie of vernietiging van die wees, die bestaan, die werklike ding. Kaapstad dra in hom die moment van die stad en van die stedelikheid; maar laasgenoemdes geensins die nosie van Kaapstad nie. M.a.w. in die kunsskepping is juis die teenoorgestelde proses aan die werk as in die abstrahering: daar word die onwerklike algemene, die abstrakte, geïnkarneer tot individuele, lewende gestalte; hier word die individuele bestaan vernietig in 'n algemene betreklikheid. Keats bly hom dus handhaaf, ook met verskuiwing van aksent: „A *thing* of

beauty is a joy forever". (Dit verklaar ook terloops die belangrikheid van beeldspraak in die letterkunde en verder die sukses van die film en prentverhaal.)

Ten slotte gaan dit nog net kortliks om die moeilike vraag na die begreping van die estetiese. Blykbaar het ons een grens reeds gevind in die oorwegende abstraksie. Waar lê die ander? Ons het reeds meermale die idee van aangegrepe te wees deur die objek gebruik. Dit kom min of meer op dieselfde neer as wat De Bruyne noem die „estetiese stellingname”¹⁰). Daarmee word bedoel dat die persoon wat hom teenoor die estetiese objek stel nie daarby moet opgaan in toevallige assosiasies en ook nie in praktiese oorweging nie, maar hom daaraan in aanskouende verstaan moet oorgee. Net soos die teoretiese stellingname aan die een kant die wesentliche vernietig in die betreklikheid van die begripsorde, net so vernietig ’n praktiese stellingname aan die ander kant, d.w.s. ’n stellingname wat bereken is op beheersende skikking en aanwending, die essensiële wesensdeurdringing in ’n betreklikheid van die saaklike orde. Die estetiese stellingname moet dus intensioneel plaasvind tussen die grense van die teoretiese en die praktiese. Ons houding moet noodsaaklik dié wees van ’n belangelose, intuïtiewe begryp van ’n eenheid van aanskoulike sinvolheid, d.i. van die eenheid van vorm en inhoud. Op die gebied van die kuns word ons hierin dan ook gewoonlik gehelp deur die omstandigheid dat die kunswerk ’n skynwêreld verbeeld waaraan ons ons kan oorgee sonder enige stremming van praktiese belange.

Ietwat anders is dit gesteld met die boukuns, waar ’n praktiese doel onvermydelik meegegee is. Maar ook hier geld die begreping, omdat die skepping hom hier in dienende aanpassing moet voltrek, sodat die funksie tot deel van sy wese word en die bouwerk mede daardeur ’n sin en ’n simboliese waarde van die hoogste orde kry wat ook, selfs uitsluitlik, slegs langs die weg van die estetiese stellingname gepeil kan word. Kom ons egter by ander

10) Vgl. E. de Bruyne: *Het Aesthetisch Belevens*, Antwerpen-Brussel, 1942, p. 190. Aangehaal volgens A. J. Janssen in sy uitvoerige studie: *Prof. E. de Bruyne over Kunstwerk en Aesthetisch Belevens*, in „Tijdschr. v. Phil.”, jg. 8 (1946), i, p. 109. Hier is ook ’n uitgebreide literatuur-opgawe te vind.

skeppinge, soos dié van die mode en die tegniek, wat ewe-eens simboliese kultuurwaarde het, dan kry ons kennelik met nog ander faktore te doen; maar dit sal ons te ver voer om hulle hier te probeer uitpluis en ons laat hulle dus maar links lê.

Ek wil nie eindig met die indruk te probeer wek dat die vraagstuk hier opgelos is nie: dit is net aangeroer. Want die estetika staan bv. nog voor een van sy eintlike probleme, nl., in die woorde van De Bruyne, „het definieeren van de eigenheid der vormen”¹¹⁾. Dit beteken: „Er zijn niet alleen *gevoelens* van het schoone, het verhevene, van het kluchtige, doch *aan de verschillende aesthetische ontroeringen beantwoorden onderscheiden objectieve structuren*”¹²⁾ en dit is hulle wat formeel in relasie tot die gevoelens wat hulle verwek, bepaal moet word. Daar sal dus nog voortgewerk moet word in die rigting wat De Bruyne nie net aangee nie, maar in sy ondersoek ook ingeslaan het, nl. om „de fundamenteele aesthetische categorieën . . . stipt phaenomenologisch uit het wezen zelf van den vorm af te leiden”¹³⁾. Dit lyk of dit slegs langs hierdie fenomenologiese weg miskien moontlik sal wees om te kom tot ’n estetika met objektiewe ordeninge waarin hierdie verskynsel ook in sy ontwikkelingsaspek tot sy reg sal kom.

11) Vgl. Het Aesthetisch Beleven, p. 339. „Tijdschr. v. Phil.”, t.a.p., pp. 114-5.

12) T.a.p., j. 295.

13) T.a.p., p. 430.

C. F. Rudolph

Besluit

Die waspoor lê terug langs vuurmaakplek en graf,
van ou, verlate laers en kerf 'n moet
wat vir die jare bly. Daarom dat ons die graf
nóg ken, en die doodsreuk van ons eie bloed.

Ons leef so lank ons dit onthou: die honger wolf
aas waar ons dodes lê en net die maan
se geel lantern waak. Ons moet die kolf
nog vaster vat: oog vir 'n oog, en man vir man.

Dood van die Trekker

Oor wag-'n-bietjie draai die son
soos naaf en wiel wat brand;
reeds staar sy oë groot en dom
oor duisend heuwels van 'n vreemde land.

Hy hoor die sweep weer singend fluit,
sien beeste en skape, vrou en kind,
en lang kolomme waens die bergpad uit
tussen vlei en kruin 'n smal, wit lint.

Dan klim hul teen die wolke langs
tot hy hul tussen ster en ster verloor . . .
hy sterf — maar in sy laaste, bitter angs
lei hy 'n nasie sy Oranje oor.

Gebed in die Nag

As hierdie nag oor tuin en huis
'n wyding bring soos in 'n kerkgebou,
hoor jy in wind- en reëngeruis
die sagte wening van 'n vrou.

O, Moeder wat in die nagwind snik,
ons weet ons is alleen en skoon verdwaal;
ons wou oor eie lot en reg beskik
en self die losprys van ons siel betaal!

Miskien kom ons weer eendag trug
om aan U knieë soos toe te bid:
„O, U, vir wie ons deur die jare vlug,
maak ons weer kindjieklein, en was ons wit.”

Deernis

Soms moet ek die nánag wakkerbly:
om soveel dinge in die hart
nie eerder rus en stilte kry.

Hoe sou ek slaap as daar nog smart
in soveel siele agterbly,
wat troosloos leef, en leeg, verward,
snags teen die sterre bid om medely?
Hulle is my broers! En kind! En vrou!
Diep in my hart moét ek hul jammerkry.

Lente

Nou, dat die lente weer
sy tingerige skoonheid bring
aan die perskeroos en wilde sering
en winde oor die heuwels sing,
onthou my hart sy ou-ou seer.

Dis nié om die dae geen hoop
vir die koorsige toekoms het,
om ons sterf sonder kruis en gebed —
O nee! om die groot, bitter wet
word my hart in die lente so seer:
dat 'n kind van geboorte af graf toe al loop.

Salige Ure

deur Mikro

Gustav Germishys staan ongeduldig en wag vir die verkeerslig om groen te word. Om hom is 'n menigte mense ewe haastig as hy maar hy merk hulle nie op nie, want Gustav is altyd ingedagte anders sal hy nie Gustav wees nie. 'n Beslommernis hierdie ewige gesoek na wit verf. Die oorlog is tog immers verby. Hy kan die ewige stryd van die ou mensdom ook nie altyd begryp nie. Hulle is natuurlik onbewus van die geestelike moontlikhede binne die bereik van elke sterfling. Dat jy 'n vergenoegdheid binne in jou gemoed kan hê, is natuurlik heeltewel onbekend by hulle, dink Gustav.

Verskeie blikke word na hom gerig, maar hieraan steur hy hom ook nie. Dat sy uiterlike 'n bekoring vir menige vrou is, weet hy lank reeds maar het daaraan ook al gewoon geraak. Trek hom 'n harnas en leersandale aan, gee hom die tuithelm en jy sal die beeld van 'n eertydse Viking hê. Daardie forse gestalte en blonde hare is 'n bekende gesig in hierdie stad, want Gustav hou daarvan om op straat te wees. Maar hy het iets wat grens aan veragting vir sy medemens in sy siel en dis net in besonderse oomblikke wat hy ook menslik sal word.

Sy kennisse vermy hom. Daar is 'n paar goeie redes voor. Daardie geaardheid van hom is een van hulle en daarby is hy 'n baie suksesvolle en gewilde kunsskilder. Wel, en suksesvolle mense is mos nie gewild nie, so meen Gustav. Maar as hy nou 'n geaardheid gehad het wat anders sou trek, kon hulle hom sy sukses vergewe het. Geen mens hou daarvan dat jy so deursigtig soos 'n ruit vir jou naaste sal wees nie, veral as daardie naaste net veragting vir jou swakheid toon. En dis wat Gustav gewoonlik doen. 'n Skouerophaling, 'n ergerlike gebaar met die hand of 'n stilswyende veroordeling is al uitspraak

wat hy sal lewer. Tot dusver kon sy kennisse nog geen swakheid by hom ontdek nie. Hy is beskaafd, matig in die gebruik van drank, is skynbaar ongevoelig vir die verleidinge van die vlees en doen sy naaste geen leed aan nie. Sy grootste sonde in hulle oë, as hulle dit maar net wou erken het, is dat hy nie 'n swakkeling is nie.

Met 'n paar buisies wit verf in sy hand geklem, haas Gustav Germishys hom nou na sy ateljee. Rusteloos beweeg hy deur die menigte. Dis asof hy homself kwalik die tydjie gun om hier op straat te wees. Hy hardloop die trappe op na die tweede verdieping van die gebou waarin hy woon, sluit die deur van sy woonstel en hou hom doenig daar in die bekende omgewing.

'n Half-voltooide doek is in die middel van die vertrek en op die vloer en teen die mure staan en hang talle voltooide skilderye. Die stillewe waaraan hy besig is, is 'n groep vase van verskillende grotes en vorm, maar wat hiervan eienaardig is, is die herhaling van die motief op 'n paar plekke in die agtergrond. Die agtergrond skeep die indruk van warrelende voorwerpe wat jou oog lei tot by die swaartepunt van die doek wat weer die rustige groep voorwerpe is. Dis asof die doek onrus by jou wek totdat jy uiteindelik deur die onrus heen tot rus gelei word. 'n Groot skildery daar teen die muur het ook 'n buitengewone motief. Die voorgrond en swaartepunt van die doek vertoon 'n weelde van aronsblare en -kelke maar die agtergrond hou weer soveel beweging en onrus in en lei jou oog gedurig terug na die aronskelke. Sy doek, Gebede, vervul jou amper met vrees. Daar is nie minder as ag paar reikende hande in gebed saamgevou teen 'n agtergrond van verwonderlike lig. Die hande ook is so knap afgewissel deur skaduwee en lig dat jy die indruk kry van hande wat daar na die oneindige reik; elke handepaar 'n stil gebed. Elke doek hier is buitengewoon en simboliseer iets van die menslike, iets van die sterflike en tog is die ewige daar. Met reg kan ander kunstenaars Gustav Germishys vermy.

Maar hy wat hierdie skone dinge geskep het, is rusteloos vanmore. Hierdie onrus pak hom dikwels beet en dan sal hy met koorsagtige haas 'n nuwe werk begin en heel dikwels voltooi, maar dit mag ook 'n ander uitwerking hê.

Daar was tye wanneer hy glad nie kon werk nie, om dan vir ure aaneen stil na sy voltooide werke te staar asof hy daar die boodskap van die lewe sou vind. Stil en peinsend. Roerloos. Dis altyd oomblikke waarin nuwe dinge gebore word. Stil luister hy na fluisteringe van sy siel, skoon onbewus van sy vlees, en al teken van lewe wat hy dan toon, is soms 'n rustelose gevroetel in sy stoel.

Vir byna 'n uur reeds is hy so lewensloos in sy stoel. Daardie mense op straat vanmore het iets by hom laat ontwaak wat nou stadig vorm kry. Nou sien hy weer hulle gesigte en dis vir hom of daar maar net één boodskap by almal was. Hier is geen vrede, hier is net onrus en verlange, maar nooit, nooit vind die siel in sy soeke ooit versadiging nie. Hy ken die mensheid, maar hom ken hulle nie. Ander het rus by hom gevind, omdat hy hulle ken, maar hy sal nooit rus vind nie. Hy . . .

Nou eers dring die harde geklop aan sy deur tot sy bewussyn deur. Hy is vas van voornemens om nie te antwoord nie toe die deur oopgestoot word en 'n dame binnekom.

„Mnr. Germishys, meneer Gustav Germishys?” vra sy.

„Ja?” antwoord hy wrewelrig.

„Verskoon tog dat ek indring. Fred van Rooyen het my gewaarsku dat u nie altyd oopmaak nie. Ek moés u sien,” vertel sy terwyl haar blik van die een doek na die ander gaan.

Gustav antwoord nie. Wat is daar ook wat hy kan sê?

„Nes ek verwag het!”

Hierdie woorde het haar lippe ontglip, want eintlik wou sy dit nie hardop sê nie.

„Wat het u verwag?” vra hy nuuskierig.

Vir die eerste keer gaan haar blik na sy gesig, en soos sy na die skilderye gekyk het, so kyk sy nou na hom. Dan dwing sy haar aandag terug na die teenswoordige.

„Mnr. Germishys, ek vertrek more oorsee — vir verdere studie, maar ek was nog altyd vreemd aangetrokke na u werke, amper soos iemand wat u baie, baie intiem ken én verstaan. Ek kon geen uitleg vind nie. Dit was net daar.

Ek wou, voor my vertrek, u jongste werke gesien het," sluit sy met hierdie verduideliking af.

„U sê u het dit verwag. Wat is dit wat u verwag het?" hou hy vol.

Sy lag.

„Ja, ek wou dit darem nie hardop sê nie, maar weer het ek die vrymoedigheid om dit te doen. Ek voel ek ken u. Al die werke wat ek nog van u gesien het adem net een gedagte uit. U ken die lewe, u verstaan geheimnisse van tyd en ewigheid soos geen kunstenaar dit nog begryp het nie. U is — mag ek dit maar sê? — baie meer sensitief as die gewone kunstenaars, en toe kom die gedagte by my op hoe eensaam u moet wees. En dit sien ek in hierdie werke weer."

„En wie is u?" vra hy

Sy lag weer.

Sy is nie mooi nie, as 'n mens net volgens die uiterlike moet oordeel. Haar hare is doodgewoon, nee, amper onaantreklik en die gesig is bonkig en lank. Dis haar oë slegs wat jou aandag vra, nie omdat hulle so besonder mooi is nie, maar omdat daar jeugdige lewe en begrip in is.

Skynbaar gaan sy die vraag nie beantwoord nie.

„Ek het al baie oor eensaamheid nagedink. Het u al daaraan gedink om ons eensame en uitgestrekte wêrelde soos die Karoo, Suidwes en die Kalihari op die doek te bring? Miskien hoef u ook nie, want weet u, meneer Germishys, daar is seker meer eensaamheid by die gewone mens te vinde as daar op die vlaktes. En dis wat u gedoen het. Hier, temidde van 'n duisternis mense, is u en ek en elkeen van ons so baie eensaam. Dis te lees op die doeke daar. Daarom kon ek die versoeking nie weerstaan om vanmore hierheen te kom nie. Ek was hier en ek het besieling gevind."

Sy gaan voor die doek „Gebede" staan, en toe kom 'n wonderlike gedagte by hom op. Sy is geen vreemdeling nie. Hy ken haar. Toe hy so gedurig na begrip en simpatie gesoek het, was sy 'n deel van sy siel, daardie deel wat nooit vergaan nie en wat aan die ewige stiltes behoort. Sy was deel van die biddende hande, dis vir haar wat hy

met aronskelke gevind het en sy is deel van die kleur en vorm wat hom nooit eensaam laat voel nie.

„Weet u dat ek u ken? Nie u naam nie maar ek ken u tog. Ek het u geken toe ek ‚Gebede‘ en ‚aronskelke‘ en al die ander geskilder het,” sê hy impulsief en reik sy hande na haar toe.

„En daarom hoef u mos nie my naam te ken nie,” antwoord sy.

Sy kyk na die reikende hande, maar kom nie nader nie.

„Die Goeie Gewer laat ons nooit eensaam hier nie, want kyk, in hierdie groot eensaamheid waarin ons lewe, word die siel gebore, en die siel is ’n stukkie van die ewigheid. U weet dit, want u is kunstenaar. Maar ons almal weet dit nie, maar u weet dit, mnr. Germishys.”

Weer strek hy sy hande na haar uit.

„Hoe weet u hierdie dinge? U is dan nog so jonk. Die wysheid behoort mos aan die ouderdom,” sê hy.

„Ja, maar die siel is nooit jonk nie, mnr. Germishys.”

„Sit hier, dan skilder ek u,” sê hy en dink nie aan die buitengewoonheid van sy versoek nie.

Vir hom is dit so natuurlik om haar, wat hom begryp en wie hy meen hy ken, te skilder. Ander sou lag, hom straks nie begryp nie, maar nie sy nie. Sy weet van sy verlange na dinge wat hier vir die mens verborge is en wat ons slegs in verheerlikte oomblikke aanvoel.

„My vriend, dis nie nodig nie. Toe jy die aronskelke en die bome en die hande geskilder het, het jy my geskilder. Nee, liever ons almal in ons eensaamheid. Toe jy daardie dinge geskilder het, het jy nie alleen jou siel aan ons getoon nie, maar jy het ons vertel waarom ons hier is,” sê sy, nie soos die vreemdeling wat sy is nie, maar soos ’n antwoord uit sy eie siel.

„Weet jy,” sê hy verbaas en merk nie eers op dat hy dié aanspreekvorm verander het nie, „jy vertel my dinge wat ek gemeen het ek alleen verstaan. Jou wil ek nie weer verloor nie. Bly hier. Bly by my. Ons sal gelukkig wees, want jy is ek en ek is jy.”

„My vriend, weet jy dan nie om te besit, is om te verloor nie. As ek bly, sal jy kennis nooit vind nie, want dis alleen

die siel wat soek wat ook vind. Netnou gaan ek. 'n Paar oomblikke nog, en dan laat ek jou by jou werk. In elkeen se lewe kom daar salige oomblikke waarin dit hom gegee word om te aanskou, om sy siel te vind, maar hier is die volmaaktheid nie."

„Ek moet nou gaan,” sê sy sag.

„Nee. Bly nog 'n paar oomblikke. Sit hier langs my en dan vertel jy my van jou kinderjare. Vertel my van jou drome en jou eensaamheid, want ek weet jy is ook maar eensaam nes ek,” pleit hy by haar.

„Maar ek het jou mos al vertel. Moenie na my kyk soos 'n vreemdeling nie. Ek is mos by jou al is ek ook weg. Waarom is die blomme en die velde vir jou geen vreemdelinge nie? Omdat jy jousef in hulle ontdek het. Die openbaring van die ewigheid is slegs die kennismaking met jou self, want die koninkryk van die ewigheid is binne in jou en is jy self. Toe jy my gesoek het, was ek by jou, maar jy het dit nie geweet nie. Ek gaan net om te bly, want as ek bly, verloor ek jou. Is dit so vreemd? Sê my, vriend, sou jy dit kon geskilder het as jy nie gesoek het nie? A, jy weet dit. Hulle wat nooit vind, is hulle wat nie soek nie. Maar toe jy gevind het, het jy ook besit, my vriend? A, ek sien jy verstaan wat ek bedoel. Dis die rede waarom ek gekom het, want ek, nes jy, sal gedurigdeur soek, want dit is ons lot in die lewe. En nou, totsiens, Gustav.”

Hy gryp met al twee hande na haar, maar sy ontwyk hom nog.

„Jou naam,” hyg hy. „Ek ken nog nie jou naam nie. Moenie gaan sonder dat ek dit weet nie,” pleit hy ernstig. Sy glimlag.

„My naam, Gustav? Anna, Susanna, Maryn of Anate. Wat maak dit nou eintlik saak? Kyk, is ons nie maar almal dieselfde en ook nie dieselfde nie, maar saam is ons een groot, volmaakte patroon. Weet jy waarom vind jy nie liefde nie, Gustav? Omdat jy die mensdom lief het, en hy wat die mensdom lief het, vind nie die liefde van 'n vrou nie, want kyk! jy behoort aan die mensdom en die mensdom aan jou. Jy sal soek en in jou soeke sal jy die ewige liefde vind, die liefde wat die genade van die

lewe en die ewigheid is. Dis reeds daar in jou doek ,Gebede' en ,aronskelke' en die ander. Dit sal wees in die doek wat jy nou gaan skilder en jy sal dit aanskou en ween van blydskap by die aanskouing van die ewige liefde."

Sy kom nader en raak sy voorhoof liggies aan met haar hand.

„Totsiens, Gustav."

„Jy kan nie gaan nie" skree hy dit uit. „Vir dertig jaar het ek gesoek na liefde en begrip en vreugde en dit nooit gevind nie. Jy kan nie gaan nou dat ek dit gevind het nie!"

Maar, terwyl hy nog praat, is sy reeds weg, en toe kom daar 'n groot eensaamheid om hom, so groot dat hy in trane uitbars.

In die lug is nog die geur van haar hare en in die stilte van sy ateljee kan hy die sagte geruis van haar rok hoor. Nooit weer sal sy kom nie en nooit sal hy haar weer sien nie. Op straat sal hy haar onder die verbygangers soek, vir haar wat hom so goed verstaan het en deur die jare heen sal hy wag en wag en wag . . .

Iewers klap 'n deur. Gustav skrik verward wakker.

Onthuts kyk hy rond in die vertrek, maar daar is niemand nie. Sy deur is nog dig toe en hier waar sy gestaan het, is nou niemand nie. Daar is net eensaamheid, 'n groot eensaamheid en 'n verdriet in sy siel soos hy nog nooit geken het nie. Solank sy hier was, en vir hom is dit kompleteet of sy hier was, het hy 'n vreemde saligheid geken.

Gustav staan op. Net hier het sy gestaan. Vreemd. Dit wás tog so. Hier het hy sy hande pleitend na haar uitgesteek, getrag om haar aan te raak. 'n Droom? Miskien. Maar droom of werklikheid van nou af sal sy lewe 'n eindelose soeke wees na begrip en liefde en in die soeke sal die wete wees dat hy dit nooit sal vind nie. Was daar dan al iemand wat die volmaaktheid gevind het? Miskien sal hy wel, want terwyl jy soek en dit nie eers weet nie, het hy reeds gevind.

Hy skrik. Dis wat sy netnou gesê het. Hy sal soek en langs daardie weg vind.

Meganies stel Gustav 'n doek voor hom op. Vluchtig gaan die stukkie houtskool oor die doek. Eers is daar net

'n warreling van strepe, maar aanstons verskyn die gelate van mense en op die gesigte van hulle op die doek staan die groot eensaamheid van die mensdom verbeeld. Strak staar hulle in die oneindigheid of hulle daar eendag rus sal vind. Peinsend is elke gesig en in die oë die lyding van die mensdom. Haastiger gaan die houtskoolstiffie oor die doek. Hy gaan hierdie doek „Die Moeë Mensdom” noem.

„Dis 'n mooi naam,” hoor hy iemand agter hom sê.

Hy kyk, maar daar is niemand nie.

„Waarom kon sy nie hier bly nie!” ontglip dit sy lippe.

Maar toe gee sy siel self die antwoord: Die wat soek, sal vind.

A. Fouché

Daar is 'n Magnolia oop in die Tuin

Daar is 'n magnolia oop in die tuin
van elke godverlatenheid
en van sneuklokkies verbrand en verbruin.
Onthou in jou omswerwinge wyd en syd:
Daar is 'n magnolia oop in die tuin.

Dit is onvergeetlik, hierdie wonderwerk,
hierdie stralende blankheid op sombere kruin
soos 'n sonblink wolk in 'n triestige swerk.

O klaende hart, onthou dan en juig:
al lê ook die oes van jou jare in puin,
en al staan jy van smart soos 'n wilker gebuig,
daar is 'n magnolia oop in die tuin.

Sterfte

Die laaste ligglimp het
teen Aasvoëlkop vergrou
en ek het die son met
ooggesperde oog aanskou.
Vinnig het die swart
gedaante my genader
met 'n allesverdowende
vleuelslag . . .
want dit was die dood,
die lamplose nag,
my kinders, en moeder
en vader.

Haar oë was Groen

'n Dogter het bo-op 'n platdak gestaan,
ek het omkyk-omkyk verbygegaan.

'n Dogter het bo-op 'n platdak gestaan,
sy het iets met 'n stoklose besem gedoen,
sy het afgekyk, en haar oë was groen.

'n Rukwind het af in die steeg baljaar,
ek het stil gaan staan en haar aangestaar.

'n Rukwind het af in die steeg baljaar,
in die wind het haar lang bos hare en rok
gespanne gestaan soos 'n vlag aan 'n stok.

'n Dogter het bo-op 'n platdak gestaan,
ek het omkyk-omkyk verbygegaan.

'n Dogter het bo-op 'n platdak gestaan,
sy het akkerboomblare daar afgeveeg,
maar ek het bly staan waar ek staan in die steeg.

Net toe was die lang somerdag uitgebrand
en skielik verdonker die dorp teen die rand;
net toe was die lang somerdag uitgebrand,
maar die stof wat die huis met die dogter besaai,
was 'n wolk, 'n skynsel met vonke belaaï.

Sy het langzaam, langzaam die leer afgeklim,
haar oë het vraend op my neergeglim;
sy het langzaam, langzaam die leer afgeklim,
haar oë het dwarsdeur my hart gebrand
en ou Cradock herskep tot 'n towerland.

Sy het afgeklim, by haar huis ingegaan
en in drome versink het ek buite bly staan;
sy het afgeklim, by haar huis ingegaan
en ek is met die blare van die dak afgeveeg,
deur die wind weggewaai uit die donkere steeg.

Ek is . . . !

deur Abel Coetzee

As die aand daal, verloor die dag sy verte. Die vaal newels van die skemering sif neer op die sigbare wêreld. Die dinge van die dag verloor hulle vorm en word een met die nag, en jy bly sit met 'n floue herinnering daarvan in jou gees. Jou oog is nie meer 'n venster waardeur jy na buite kyk nie. Van buite af val daar nie meer lig in jou soos 'n geel sonstraal met rondswewende stofdeeltjies daarin nie. Jou venster word geluik deur die donker van die nag waarin alle vorm verdwyn, en die groot wêreld van die dag word teruggedring tot 'n bestaan agter jou ooglede. Dáár is die onsigbare wêreld waarin die dinge van die dag wonderbaarlik uit die donkerterte hervorm word deur die streep lig wat vanuit die herinnering in jou daarop val. In dié yl lug van die onsigbare wêreld is daar geen swewende stofdeeltjies nie, en in dié suiwer lig sien die oog oneindig verder. Hier strek die wêreld hom groter uit as die groot wêreld wat daar buite voor jou gesig tree.

Dít is die wonder daarvan: Ek sien dit nie, die verborge wêreld, en tog weet ek dit is daar, dit bestaan werklik, dit is.

Ek sien nie, maar ek twyfel nie.

En tog . . .

In die skemering staar ek deur my venster, en geen oog wat met al sy krag op een punt saamgetrek is soos 'n brandglas, skroei die swaar omnewelde stad vir my oop nie. Vir die oog is daar niks.

Tog is dit daar. Ek het dit self gesien, die wêreld wat so ryk is aan kleur en vorm, voor die skemer toegesak het, en om te sien, is om te glo.

Nou sit ek in die newels van die skemeruur. Daar buite, tot vas teen die ruit van my kamer, sien ek net die dikke

duisternis wat alle vorm uitwis en gelyk maak tot 'n digte gordyn. Ek sien net die leë duisternis.

Ek sien, maar ek glo dit nie.

Met my oë en die lig van die dag glo ek dat alles werklik is. Met my oë en die donker van die nag betwyfel ek wat ek sien; ek sien die vormlose ruimte voor my raam, en ek glo dat dit vol vorm is en lewe en kleur; agter die newels weet ek van 'n ander wêreld as wat ek kan sien. Ek soek na die onsigbare.

.

Op 'n paar punte word die newel verdryf deur helder neonligte wat uit die omringende duisternis vir die stadsbewoners dien as vaste bakens in die nagbestaan. Gunter wink die opskrif van die jongste bioskoopfilm. Nog verder na agter toe in die newels word die naam van 'n auto in vlamrooi om die naghemel uitgebrand. En hier heel digby, links, word 'n nuwe soort skoene voorgedou as 'n lig uit die omsluitende duister.

Ewe vertrouend sê ek die een is ver, die ander verder, en die derde digby. In die nag lyk geel lig naby, al is dit ver. En pers lig lyk so geheimsinnig omhul met afstand, al is dit sommer hier naby. As jy lank na die ligte kyk, en jy weet waar jy hulle sal sien as die lig van die dag op hulle skyn, dan raak jy verwar, en die ligte van die naghemel maak 'n bekende wêreld vir jou tot doolhof.

As ek sê dat die nuwe soort skoene hier heel digby met neonligte teen die duisternis uitgeteken staan, dan beteken dit net dat die geel lig so naby lyk. Dit kan ook dáár van agter uit die duisternis straal. Maar hoe sal ek dit weet?

Ek sien dit; maar moet ek dit glo?

Die een ding sien ek, en om te sien is om te glo; die ander ding sien ek, en ek glo dit nie; die derde sien ek, en ek weet nie wat werklik is en wat skyn nie.

.

Die skoenebeeld, wat so naby lyk en tog so ver kan wees, knip reëlmatig aan en af. Die een oomblik is daar vormlose duisternis, die volgende oomblik staan daar glansend teen die hemel in geel strepe 'n skoene met stewige

dik sool, 'n versierde neuspunt, 'n slank lees, ses veters aan weerskante van die wye opening om jou voet by in te steek. Dis 'n manskoen, vir stewige, sterk mans.

Daar staan die modieuse skoen geel uitgegrif teen die donker. Ek sien dit, en dit dring eers agterna tot my deur dat wat op die oog die indruk maak van 'n skoen, werklik net lang glasbuisies is met vloeiende lig daarin, alles kunstig gerangskik om by my die gedagte aan 'n skoen te wek. Die skoen het ronding en is omring deur diepte sodat mens oënskynlik daaromheen kan loop en dit van al kante af betrag. Dit het die vorm van werklikheid, maar ek weet dat dit 'n plat, flets beeld is, met geen diepte, geen ruimte — slegs ligstrepe oulik in perspektief gestel om die gevoel van vorm en afstand by my op te wek. Maar tog: vra enigiemand op straat wat dit is, en sonder aarseling sal die antwoord kom: 'n skoen!

In die uur waarin twee wêrelde, die dag en die nag, mekaar raak, waarin vorm vormloos word, sit ek verwar tussen werklikheid en skyn.

.

Sewe afgemete slae dreun swaar deur die donker. Regs in die newels word my oog getrek deur die horlosie in die stadhuistoring. Die wyserplaat daarvan glim saggies sodat mens op 'n afstand die juiste tydstop kan lees.

Die juiste tydstop, die hede, die oomblik waarin ek lewe. Terwyl ek nog so half afgetrokke na die horlosie kyk, sien ek die groot wyser beweeg vorentoe na die volgende minuutstreep. Vorentoe lê nog baie minuutstrepe, sonder tal, gerangskik in 'n volmaakte sirkel wat geen aanvang en geen einde het nie, want aanvang en einde, dit is maar een en dieselfde punt. Netnou sal die wyser weer een streep vorentoe skuif, en weer een, en weer een. Na mate die lang wyser vorentoe beweeg, onverbiddelik en gelykmatig vorentoe beweeg sonder haas en sonder aarseling, word die minuutstrepe na vorentoe een minder en dié na agter toe een meer. En tog bly dit 'n eindelose kringloop met ewe veel strepe na vorentoe as na agtertoe.

So sien jy die toekoms vervloei in die verlede. Albei eindeloos. En die hede . . . is 'n bewegende horlosiewyser, 'n punt waar die begin en einde van die sirkel mekaar ontmoet, maar wat nooit rus nie. Die toekoms kan jy

aanwys, vorentoe, altyd vorentoe. Die verlede kan jy insgelyks aanwys, altyd na agtertoe. Maar die hede, die werklikheid is 'n bewegende punt op die grens tussen die tydstrepe na vorentoe en die strepe na agtertoe. En daardie oomblik verspring elke nuwe oomblik van die een streep na die volgende. Al wat jy met sekerheid kan aantoon, is die toekoms en die verlede. Terwyl jy nog besig is om die hede aan te toon, is die toekoms besig om hede te word en te vervloei tot verlede. Die grens tussen toekoms en verlede word aangedui deur 'n wyser wat immer voortbeweeg en nie rus vir die kleinste onderdeel van die tyd nie. Oënskynlik moet die horlosie die juiste tydstip aandui vir die stadsbewoners sodat hulle kan weet wanneer om te eet, wanneer om te slaap, wanneer om te werk, en wanneer om te rus van hulle arbeid en sorg. In der waarheid dui die horlosie slegs aan hoe die toekoms in die verlede wegvloei, hoe 'n lewe afloop soos 'n sandloper. En die groot rustelose wyser — die hede — is 'n illusie op die grens waar twee wêreldes mekaar raak.

In die skemeruur, waar ek gedoke sit tussen dag en nag en afkyk op die omnewelde stad waaruit straatgeluide opklink en die geskuiwel van mensvoete vaag geword het soos veraf gesuisel van wind, op my grens tussen werklikheid en skyn, voel ek my innig verwant aan daardie lang wyser waardeur die toekoms verlede word en die hede skyn.

As daardie wyser gedagte geken het, sou dit waarskynlik ook die vraag gestel het of dit bestaan en of dit maar net 'n illusie is, of dit vorm het, en of die ander soos hy ook vorm het in die werklikheid — daardie verspringende oomblik.

Die nagnewel laat my vol angs speur na my eie bestaan. Is ek, of is ek maar 'n illusie, 'n wykende skynpunt wat immer die toekoms naloop om die verlede te ontsnap, wat immer moet wankel tussen twee wêreldes — skyn en werklikheid?

Die gedagte hou my al dae lank vol angs. Dit word 'n kring in die gees wat jy altyd maar weer herhaal, sonder einde, sonder begin. As jy by die einde van jou gedagtekring kom, dan merk jy dat jy alreeds opnuut weer daarmee begin het.

Sat van die kringloop staan ek op om die kamerlig aan te knip en die triestige duisternis met sy vormlose leegheid te verdryf.

In die donker loop ek iets omver, en toe die lig brand, sien ek die erdepot met my rankmalva in skerwe op die grond lê.

Dit is die pot met die blomplant wat in sy leeftyd nog aan my vader behoort het. My vader, die stil man wat urelank roerloos in sy stoel kon sit en met onsiende oë deur hierdie selfde venster staar asof hy dáár dinge gewaar wat ons ander nog nie ontdek het nie. Toe sy tyd gekom het, is hy heen sonder verset, en toe hy opgebaar lê, was om sy mond en oë 'n glimlag vol geheimsinnige verwagting. Van hom het ek die erdepot met rankmalva behou, en nou loop ek dit hier in die donker in skerwe.

Vol met die gevoel van verlies neem ek die ontwortelde plant in my twee hande. Ek gaan sit op die rusbank, met my oë gerig op die venster waardeur my vader so dikwels gestaar het. Buite my om het alles vervaag. Die horlosie met sy glimmende gesig waarop die toekoms steeds agterhaal word, het geen houvas meer op my gees nie en ook ek versink in die verlede . . .

Dit is talle en talle jare gelede, toe ek nog 'n joggie was, op die grens van ons plaas, by 'n watergat. Daar het 'n seringboom gestaan; die sierlike ronding van sy kruin weerkaats in die spieël van die watervlak. Daar wou ons kinders altyd gaan speel, tot die ontsteltenis van my moeder, want die water was diep.

Op 'n dag het ons broers weer weggeloop van die werf af en in die boom gaan klim. Vanuit die boomtoppe gewaar ons sommer hier digby, tussen die lang gras, die skrik van ons kinderlewe, die Orangoetang! Dis 'n woeste dierasie, half dier, half plant, bedek met hare soos gras-sate. Hy verskyn orals by gevaarlike speelplekke, en ons kinderlewe is deur hom vervul met angs.

Die dierasie sluip nader deur die struikgewas, en ons het sommer uit die boom geval en uit alle mag gehaal huis toe. Telkens as een van ons omkyk, is die onding 'n paar tree digter by, wat ons tot oormatige inspanning aanspoor.

Naby die huis is 'n watergrippie. Toe ek in my haas daarvoor probeer spring, gly my voet en ek slaan neer met my gesig in die modder. So het ek bly lê, te magteloos uitgeput om nog verder te vlug. Daar, met die stank van die swart, voos aarde in my neus, het ek my reeds gevange gegee aan die agtervolgende dood, wat my enige oomblik kan oorval.

Toe vat twee sterk hande onder my arms en lig my op uit die modder. Vervaard kyk ek op, in die laggende oë van my vader, en met 'n kreet werp ek my in die veiligheid van sy hals. So, beskerm in sy arms, het hy sussend met my aangestap onderwyl dik dampe rook uit sy pyp om my walm. Die stank van die modder het ek vergeet. Met my arms om my vader se nek, met my nat lyf teenaan sy liggaam gedring, het ek gevoel hoe sy warmte my deurtrek. Met sy warm lewe in my, het ek aan die slaap geraak, en toe ek weer wakker word, het die angs van die Orangoetang 'n skim geword ver agter die gesigseinder. Van daardie dag af was die geur van my vader se tabak, 'n geur wat hom altyd omring het, soet soos die geur van die lewe.

Met die geurende malva sit ek in my hande, en die swart aarde wat die wortels omring, voel ek klonterig tussen my vingers. Dis nie die malva wat ek ruik nie, maar die soete aanwesigheid van my vader uit vervloë dae. En meteens verlaat die angs my oor wat skyn is en wat werklik. Warm voel ek weer sy lewe in my klop, en deur my in die toekoms.

Die onsienlike word in my sigbaar — dit weet ek meteens. In my herwin die ewig vormlose van oomblik tot oomblik tasbare vorm, totdat my oomblik van vormvastheid ook weer deel word van die eindeloos vormlose en ek opgaan in die lang reeks geslagte waarvan ek nou op die voorpunt is.

Ek is die hede, die punt waardeur die toekoms rusteloos uitvloei in die verlede.

Ek is die punt waar die verlede en toekoms in ewige kringloop saamsluit. In my kry die tyd en vorm en betekenis.

Ek is!

Frankryk — 'n Persoonlike Indruk

deur J. de Bruyn

Toe ek verlede jaar, net voor Kersfees, vir die vierde keer in twaalf maande die Britse Kanaal na Frankryk oorsteek, het ek skielik iets gewaar geword: dit sou die eerste keer wees dat ek in die ware sin van die woord gaan besoek aflê in plaas van bloot 'n plek of verskeie plekke besoek. Want jy kan 'n land wat jy lief het, wie se taal en kultuur vir jou die intiemste bekoring besit, oor en oor besoek en nog 'n vreemdeling bly vir sy mense. Alleen deur 'n geesverwantskap met 'n persoon of 'n groep persone uit daardie land, verkry jy 'n besef van sy mense se nasionale gestalte — die som van fyngespeurde nasie-eienskappe wat dikwels so moeilik is om in woorde vas te lê.

Voor my besoek aan die Ceccaldi-gesin in Lotaringe aan die einde van verlede jaar, het ek alreeds kennis gemaak met 'n taamlik verteenwoordigende verskeidenheid Franse, oud en jonk; maar my omgang met hulle was altyd te vlugtig en oppervlakkig om my in staat te stel om hulle as individuele mense te leer ken. Die drie weke wat ek in die begin van 1950 in Parys deurgebring het, is gewy aan één, enkele plig: Franse fonetiek en die aanleer van die standaard-uitspraak en intonasie. Ek het by 'n Franse gesin in die buitewyk Fontenay-sous-Bois ingewoon. Ons verhoudings was vriendskaplik, maar streng formeel, Deurgaans het hulle my daardie elegante hoflikheid betoon wat selfs die verwendste jongmense nooit verwaarloos in die formele omgang met vreemdelinge nie. En die twee seuns van my gasheer was inderdaad gruwelik bederf —

ofskoon die ouers op een punt onverbiddelek streng was: hulle skoolprestasie en die verrigting van die daaglikse huiswerktake wat die onderdanigste skoolseun in Engeland of Suid-Afrika tot muitery sou aangevuur het. Maar dit moet onthou word dat georganiseerde skoolsport, soos ons dit in die Angelsaksiese lande ken, omtrent gladnie in Franse skole beoefen word nie. Die seuns en dogters het dus meer tyd vir die gewone skoolwerk, en selfs die armsaligste stommeling word deur meedoënlose aanpor van die kant van ouers en onderwysers — gepaard met geraffineerde Galliese sarkasme — tot 'n peil gevoer wat dan maar die skyn van die verlangde onderwysvereistes bewaar. Soos Nancy Mitford, die geestige korrespondent vir die Londense *Sunday Times*, dit onlangs met onverbeterlike pittigheid uitdruk: „Die Franse is nie lief vir sotte nie.” Dit was vir my in die begin vreemd dat Monseur Mami, wat hom so inskiklik vir die stoutste grille van die negejarige Jean-Paul getoon het, tot 'n ekstase van woede kon geraak oor die gebruik van 'n verkeerde meervoudsvorm of die verwaarlosing van die konjunktief in sy seuns se alledaagse omgangstaal.

Monsieur Mami was 'n onberispelike eggenoot en vader, maar 'n verbitterde mens. Dit was deur hom dat ek vir die eerste keer werklik besef het watter letsels die Oorlog en die Duitse besetting op die gewone middelklas Franse burger nagelaat het, gepaard met die onvermydelike naoorlogse verarming en misère. Tot vervelens toe moes ek luister na die verslegting van hulle maatskaplike omstandighede — die ontsettende styging in lewenskoste, die verlies van die eertydse klein weeldes wat deur die blote stryd om te bestaan nou vir altyd ingesluk is — 'n huisbediende, die motor, die jaarlikse vakansie aan die kus. Ek het nie sonder meegevoel al die klaagliedere aangehoor nie. Ek kan my maar te goed inbeeld hoe knellend die omstandighede van 'n staatsamptenaar, met 'n vrou en twee kinders, moet wees in sy desperate poging om maatskaplike welvoeglikheid op 'n salaris van minder as veertig pond per maand te handhaaf. Maar selfs die welwillendste vreemdeling voel ongemaklik — en derhalwe minder simpatiek — wanneer die skaars verskuilde beskuldiging hom telkens teen die hoof geslinger word: „Jy kom

van 'n land wat nie die vreeslike ontberings van die oorlog en die vyandsbesetting deurgemaak het nie." (Jy het al meermale verduidelik dat jy 'n Afrikaner is en dat jy net tydelik in Engeland vertoef, maar mense soos meneer Mami verkies om hulle eie gedagtegang in 'n argument te volg.) En hierop volg soos 'n refrein die ou retoriese verwyf teen die Angelsaksiese nasies: „Dit is nie Engelse of Amerikaanse bodem wat in die afgelope Wêreldoorloë deur die vyand ingeval is nie, maar die alreeds met bloeddeurdrenkte Franse aarde wat keer op keer in puin gelê is.”

Uit hierdie atmosfeer van argwaan, heimwee na die verlede en betreuring van die hede het ek elke oggend ontvlug na die woonstel van Madame Vanderpyl-Augé in die Rue Gay-Lussac in die Latynse buurt van Parys. Ek wens die tyd en omstandighede het my dit toegelaat om haar en haar Vlaamse eggenoot beter te leer ken. Hulle is altwee al oor die sewentig en woon nou al meer as veertig jaar in daardie selfde bekrompe *appartement* in die Quartier Latin, temidde van die studente-jeug wat hulle albei so lief het. Soos alle fyn opgevoede, gekultiveerde kunstenaarsiele het hulle lewenswyse eenvoudig en onveranderd gebly, in weerwil van wisselende tydskokke, rampe en ontberings. Madame was een van die eerste studente van die groot Franse fonetiekleermeester, Paul Passy. Elke les by haar is voorafgegaan deur twintig minute konversasie-oefening. En ek het altyd gevoel dat meer nog as om my oefening in die taalgebruik te verskaf, die liewe, moederlike ou vrou werklik 'n lewendige, selfs nuuskierige belang in my ondervindings en ontmoetings gestel het.

Destyds het ek vir die eerste keer werklik met die omvangryke kultuurlewe van die Franse hoofstad kennis gemaak — opvoerings van Racine en Molière aan die Comédie Française, moderne teaterstukke (Anouilh, Sartre, Camus e.a.), en die enorme verskeidenheid kunsuitstallings wat die Paryse kultuurlewe by uitstek kenmerk.

Tydens my tweede besoek aan Parys in die Paastyd van 1950 het ek die stroom gevolg na die Palais Chaillot om die surrealistiese kuns van die moderne Engelse beeldhoukunstenaar, Henry Moore, te besigtig, en te probeer begryp waarom juis hy uit al die Engelse kunstenaars van die

afgelope vyftig jaar die streng nasionale voorkeur van die Franse vir hulle eie kunstenaars afgetower het. Maar dit was 'n jaar gelede, en ek twyfel sterk of Henry Moore, selfs as 'n herinnering, vandag nog veel geesdrif onder sy voormalige aanbidders gaande maak! Seker nie, om te oordeel aan my maat Marcel. Marcel en ek was kamerade, nooit eintlik vriende nie. Daarvoor was ons lewenswaardes te verskillend. Vir my was hy tipies van 'n sekere groep Franse jongmans, die intellektuele *avant-garde* van die na-oorlogse tydperk, wat die een lewensideologie na die ander hartstogtelik aanneem en uitleef; en daarna, as die nuwigheid afgeslyt is, dit los en 'n ander aangryp.

Die mees algemene uitdrukking wat in daardie kringe gangbaar is, is *passé*, d.w.s. *uitgedien*. Verlede jaar was die Existensie-leer al klaar *passé* en die jong intellektueles het 'n soort Neo-Stoïsisme aangehang. Die oorsprong daarvan is vir my duister, maar as ek 'n gissing moes waag, sou ek sê dat dit in die romans van die twee Amerikaanse skrywers, Hemingway en Faulkner, gesoek kan word, want van al die buitelandse skrywers is dié twee miskien die gewildstes onder die Franse jeug vandag. Tot hierdie invloed, van buite afkomstig, sou ek 'n derde, inheemse, byvoeg, dié van die skrywer-dramaturg Camus. Sy teaterstuk, *Les Justes (Die Reverdiges)*, het verlede jaar 'n enorme sukses geniet, ten spyte van — miskien juis vanweë — 'n byna verstikkende somberheid en wanhoopsuitdrukking. Ek het so pas sy jongste roman, *Die Vreemdeling*, gelees, en as 'n voorbeeld van oorverfynde intellektualisme wat die lewe verwerp omdat die siel te moeg is om hom met die alledaagse kleinlikhede te vereenselwig, kan ek my kwalik iets meer deprimerend voorstel.

Dit was jong Paul Ceccaldi wat my aangeraai het om *Die Vreemdeling* te lees, om, soos hy gesê het, „'n innerlike blik te kry op die metafisiese strekking van die moderne geslag se lewensuitkyk.” Paul en ek het met mekaar kennis gemaak in die stampvol gang van die Marseille-Parys-trein wat ons, saam met honderde ander, aan die einde van die somervakansie vanaf die Bloukus huiswaarts gevoer het. Paul Ceccaldi is kunsstudent in Parys, en in 'n sekere mate is hy verteenwoordigend van die jong Franse Bohème-groep. Dit wil sê hy pronk met 'n mofbaard

volgens die mode van die Tweede Ryk, en sy houding, veral teenoor vroumense, is 'n erg bewuste nabootsing van die meer bekende Hemingway-helde. Hy stel belang in al die nuwe rigtings in die kuns, die letterkunde en die filosofie, maar terselfdertyd is hy 'n ewewigtige jongman, met 'n gesonde, onafhanklike oordeel wat hom van die uiterste grille vrywaar, selfs wanneer hy daardeur bekoor word.

My kennismaking met Paul was vir my besonder gelukkig, want deur hom het ek sy vader en moeder ontmoet, en sodoende 'n uitnodiging ontvang om Kersfees by hulle in Neufchâteau, Lotaringe, te kom deurbring. Van die eerste oomblik af het ek my geestelik verwant aan die Ceccaldi's gevoel. Meneer Ceccaldi is 'n man van vyf-en-sestig wat vóór en ná die Eerste Wêreldoorlog kavallerie-instrukteur vir jong offisiere was. Sy hele lewe dus is aan die jeug toegewy, en as beloning daarvoor het hy sy hart en lewensuitkyk jeugdig gehou. Mevrouw Ceccaldi is heel-wat jonger as haar man, vuriger van temperament en tipies Frans in haar vlymskerpe, soms venynige geestigheid.

Dit was verlede September, toe Engeland se onwilligheid om die Schumann-plan te aanvaar die eerste werklike anti-Britse gevoel vir baie jare in Frankryk gaande gemaak het. 'n Vry algemene mening wat jy oral gehoor het, was dat Engeland se afsydigheid 'n opsetlike set was om toenadering tussen Frankryk en Duitsland te dwarsboom. Meneer Ceccaldi is 'n gematigde man, wat Engeland persoonlik goedgesind is. Maar die mislukte samesprekings oor die Schumann-plan het hom tot swaarmoedigheid gestem. „Ons in Lotaringe,” het hy my gesê, „ons is grensbure van die Duitsers. Daar is min wat ons twee rasgroepe skei — in gewoontes en lewenswyse. En daar in Oos-Frankryk begryp ons beter as in ander dele van Frankryk dat dit net politieke sotheid en valse chauvinisme is wat ons twee nasies vir die afgelope anderhalf eeu teen mekaar opgerui het. Dit moet nie weer gebeur nie. Nou meer as ooit tevore, in hierdie kritieke fase van ons beskawing, is dit vir ons noodsaaklik om te verenig — en verenig te bly.”

Met Kersfees was ek toe by die Ceccaldi's in Neufchâteau. Teen hierdie tyd het die opgesweepte gevoelens wat die besprekings oor die Schumann-plan uitgelok het, al lankal

bedaar. Die ernstige wending van die stryd in Korea het nou alle vraagstukke van kleiner gestalte na die agtergrond gedruk. En tog het ek in die gesprek met verskeie mense 'n algehele gemis aan individuele geesdrif vir 'n oorlog wat so ver van eie bodem gevoer word, opgemerk; en hiermee gaan gepaard 'n tikkie selfvoldaanheid dat dit nie Frankryk is wat hierdie keer, ten regte of ten onregte, die beskuldiging van oorlogaanhitsing hoef te duld nie.

Vir baie Franse bly die onderskeiding tussen die Verenigde Volke en die Verenigde State bloot 'n akademiese — vir sover dit die stryd in Korea betref en alleen 'n uitbreiding van daardie stryd sal die gewone man van die indruk ontdoen dat die Koreaanse vraagstuk Amerika se kwelling is en die agt-en-dertigste breedtegraad 'n kartografiese fantasie wat deur MacArthur geskep is! En as jy nog wil probeer redeneer, kom die antwoord, skerp en beslis: „Julle Amerikaners, of Engelse, of Suid-Afrikaners weet nie wat dit is om twee verwoestende oorloë binne 'n kwarteeu op eie bodem te verduur het nie. Ons Franse is moeg vir oorlog, en al hierdie intrige-speletjies met die atoombom, supersoniese bomwerpers en wat dies meer sy, raak ons nie. Laat maar kom wat wil.”

En *dit* is waar: die Franse — soos tewens ook die Italianers — is sat vir oorlog en oorlogsgerugte. Die na-oorlogse stryd om te bestaan is bitter genoeg sonder die vooruitsig van 'n derde wêreldstryd. Hoe sorgbevange die bestaan van die algemene professionele man of staatsamptenaar is, het ek een aand wys geword toe my gasheer se broer, Pierre Ceccaldi, my die een en ander van sy lewe en loopbaan verduidelik het. Pierre is net oor die veertig en beklee die belangrike betrekking van Sekretaris vir die Minister van Justisie. Maar hy het duur betaal vir daardie hardgewonne prestasie — met sy gesondheid en die verlies van individuele vryheid — te midde van die afguns en koorsagtige mededinging om promosie wat die Franse burokrasie kenmerk. Sy verhewe posisie het hom 'n duisternis van tergende moeilikhede en ingewikkelde probleme op die skouers gelaai, wat hy alleen die hoof kan bied deur nog meer van sy ledige ure prys te gee. En dit teen 'n besoldiging wat 'n Suid-Afrikaanse skofbaas met minagting van die hand sou wys: seshonderd pond per

jaar, sonder insluiting van inkomstebelastingkortings, en dit in Parys, wat vandag seker die duurste stad in Europa is.

'n Paar dae later het ek van die balkon van Pierre Ceccaldi se kantoor in die Place Vendôme die elegante Paryse lewe daaronder gade geslaan — luukse motors, glansende winkelvensters, die keur van die wêreld se praalbetoon. En hier agter my sit 'n ooreiste staatsrobot wat twee telefoongesprekke tegelyk probeer bemagtig. Vir hom bestaan daardie lewe daarbuite al lank nie meer nie. En selfs wanneer hy met die etensuur na sy restaurant om die hoek gaan, is sy gemoed te oorhoop met die werk wat nog voorlê, om meer daarvan as net die alledaagse agtergrond-geluide gewaar te word.

Ek hoop dat u my dit nie kwalik neem dat die indrukke wat ek vir u so pas geskilder het, eerder somber as verkwiklik is nie. Mag u Parys altyd so onbesonne vrolik en glansend vind as wat die stad hom vir die besoeker voordoen. Maar as u daar lank genoeg vertoef, kan 'n gevoel van dowwe ontugtering u dalk mettertyd aangryp. Waarom byvoorbeeld lyk die mense in die ondergrondse treine en busse so stuurs en ontegemeetkend? En waarom is hulle dikwels so prikkelbaar? Onthou dit dan: hulle is mense wat deur die lewe moeg gemaak is, geestelik sowel as liggaamlik. Hulle het in die afgelope tien jaar al *te* veel deurgemaak om nog ons onvertroebelde lewensvreugde te deel. En hulle oë het dof geword vir die stedelike prag wat in hulle onlangse ervaring met soveel lyding en vernedering verbonde is. Ja, wend maar net jou oë vir 'n oomblik van die magnifieke panorama wat die Place de la Concorde aanbied, met die ongeëwenaarde uitsig van die Champs Elysées en die Arc de Triomphe, en vestig jou blik op die metaalplate hier oral op die plein, teen graniëtblok of pilaar. Almal dra die nagedagtenis aan jong Franse burgers wat gedurende hulle stad se besetting 'n onverskrokke verset teen die vyand met die dood, dikwels met 'n marteldood, geboet het.

Jaap Grobler

deur P. D. Swart

Jaap Grobler het nie altyd so krom geloop nie. Dit sou meer as een inwoner van die Marico-Bosveld vol oortuiging kon bevestig het. Toe die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het, was daardie paar skouers waterpas en die rug so regop soos 'n populierpaal. Toe was Jaap vyftig jaar oud, en met daardie fiere liggaam, breë neusvleuels en rooi vosbaard het hy 'n indruk van trotse krag gemaak.

„Bring die groot swart hings!” het Jaap beveel toe hy hoor dat Transvaal Engeland die oorlog aangesê het. Toe het sy vrou voorbereidings getref vir die nodige padkos, en Jaap het, nadat hy haar en die kinders gegroet het, liggies in die saal geswaai. Nog eenmaal het hy opgekyk na die blou-bruin kranse op die hoogste rant van Maroelakop, en toe het hy weggery.

Die groot maroelabome het net 'n groen skynsel begin toon, en die bloukopkoggelmanders het bewegingloos op die loodkleurige bas gesit en bak. Toe was hy oor die laaste bultjie, en het hy op 'n vinnige stap tussen die turfpanne met hulle eenaardige mengsel van bruin stink- en wit steekgras verdwyn.

By die slag van Nooitgedacht was hy in De la Rey se kommando, maar met al die bewegings wat plaasgevind het gedurende die geveg, het hy tussen Beyers se manskappe beland . . . en daar het hy gebly. Saam met Beyers is hy deur Oos-Transvaal en na Soutpansberg.

Hier was dit waar die nuus van Cronjé se oorgawe te Paardeberg hulle bereik het. Die burgers het vermoeid om hulle vuurtjies gelê, koppe op die saalboom gerus. Sommige was besig om te gesels terwyl ander weer doodstil gelê het, besig met hulle eie gedagtes. Die nuus het hulle soos 'n donderslag getref. Opeens was alles in rep en roer.

Jaap Grobler het langs 'n vuurtjie gestaan, sy liggaam

so styf gespan soos 'n boogsnaar, sy gebalde vuus dreigend in die lug. Met luide stem het hy Cronjé vervloek, vervloek voor God en mens. Sy gesig was na die hemel opgehef, en die flikkerende lig van die vlamme het dit 'n byna onaardse voorkoms gegee. Op die sterk gesig was 'n duiwelse trek, en almal het asof versteend staan en toekyk.

Toe het Beyers gekom, die vrome Godsman, en sy hand op Jaap se skouer gesit. Langsaam het Jaap se liggaam ontspan, terwyl groot trane oor sy wange en in sy vosbaard afgerol het.

„Dankie, Generaal,” het hy hees geprewel en toe in die duisternis verdwyn met geboë skouers.

Toe het die bittere dag van Vereeniging nog op hom gewag, en die wete dat hy sy vrou en twee kinders verloor het!

In die hartjie van die winter het hy weer na Maroelakop teruggekeer. Van 'n geruime afstand kon hy reeds die maroelatakke in die lug sien opsteek, kaal en koud soos die dood self. Voor die murasie wat nog so duidelik die tekens van brand getoon het, het hy tot stilstand gekom. Die wit steekgrassies het deur die gate in sy broek teen sy bene geritsel, maar hy het dit nie gevoel nie. Sy verflen-terde skoene het op stukke glas en blou erdekastrol gestaan. Hope stene, bouvallige mure, spinnerakke . . . In die voorkamer het enkele graspolle gestaan, en in die kombuis 'n paar grafplantjies, spierwit. Langsaam lig hy sy oë op na die kop toe. Bruin, swart, wit . . . winterskleure. Swart en wit, albei kleure van die dood.

Half-verkluim het hy die nag deurgebring onder die maroelabome. Heen en weer het sy gedagtes geflits, maar hulle het steeds weer na een punt teruggekeer . . . die onafhanklikheid was verlore.

'n Tyd van groot eensaamheid het vir Jaap Grobler aangebreek, 'n tyd van eensaamheid met die bitter smaak van die neerlaag in sy mond. As hy in die bewende middaghitte sy hand oor sy oë hou, en die bruin en wit van springboklywe onderskei op die turfvlaktes, voel hy 'n bitter wrok en teleurstelling in hom opstyg. Vroeër was hulle sy trots, 'n prag vir sy oog. Nou was hulle Engelse springbokke. Alles was Engels, die gras, die kop, die

maroelabome en . . . selfs hy was 'n Engelse besitting. Hy kon geen rus in sy gemoed kry nie, en saam met die eenzaamheid wat deur die jare gegroei het, het die ontevredenheid en die wrok ook aangegroei. Aktiewe uiting was daar nie vir hierdie bitter gevoelens nie, en alles het binne in die groot figuur opgehoop en gesmeul. Langsaam het die groot skouers begin vooroor neig, die oë was steeds meer op die grond gerig. Verder en verder het die skouers begin sak totdat Jaap Grobler heeltemal vooroor geloop het, pyn om sy mond en 'n snaakse onverklaarbare lig in sy oë.

Besoekers het daar min op hierdie verlate plaas gekom. Nou en dan het sy buurman, Gawie Vermeulen, aangery gekom. Hy was 'n kort dik mannetjie, lief vir geselskap en veral om al die dapper daade en onmoontlike ontsnappingsaan te haal wat hy gedurende die oorlog uitgevoer het. Waarom hy nooit die D.T.D. ontvang het nie, het steeds vir hom 'n raaisel gebly.

Een more vroeg het hy by Jaap aangekom nadat hy vir geen weke daar was nie. Sy gesig was ene opgewondenheid, sy oë het vinnig rond beweeg. Hy het iets gehad om te vertel!

„Oom Jaap, raai wat!” en hy wag geen oomblik vir Jaap om te raai nie. „Oom weet mos daar is oorlog tussen Engeland en Duitsland, en ons het ook oorlog teen Duitsland verklaar, en . . . ” hy hou 'n oomblik op om asem te skep.

„Ja, Gawie, ek het van al hierdie geklikheid gehoor, en ons leiers slaan my dronk,” frons die ou man.

„Nou-ja juis, Oom en nou het van ons Afrikaners begin rebelleer. Generaal De Wet is in die veld en generaal Beyers!”

Jaap Grobler voel 'n snaakse lam gevoel oor sy liggaam kom. Dit voel asof die hare op sy kop rys, langsamerhand, totdat dit is asof hulle orent staan.

„Beyers het jy gesê!” skree hy byna.

„Ja, Oom, en hulle sê . . . ” en hy babbel onophoudelik voort, maar Jaap luister nie meer nie.

Hy slaak 'n sug van verligting toe Gawie om die draai gaan. Beyers! Sy Generaal! Beyers is weer in die saal!

Hy sien die sterk gesig, die forse liggaam, hy hoor die stem, kalm maar vol krag. Beyers veg weer, Beyers . . . Beyers! Hy kan sy opgewondenheid nie bedwing nie. Hy loop heen en weer en prewel en vryf sy hande. Dan gaan hy sit, maar hy staan byna dadelik weer op. Hoe laat sou dit wees? Hy loop na buite en kyk na die son. Omtrent vieruur.

Hy gaan soek in die huis rond en kom dan te voorskyn met 'n potlood en 'n stukkie papier. Met moeite begin hy 'n briefie aan Gawie skrywe. Hy vra om 'n perd by hom te koop, die beste een wat hy het. Hy stuur geld saam met die jong. As dit nie genoeg is nie, stuur hy later weer. Hy lees die brief oor. Vervlaks! Dit lyk 'n snaakse brief! Wat sal Gawie dink? „Ek wil graag een goede ryperd hebben,” skrywe hy ewe lomp onderaan.

Hy gaan na die trommeltjie onder sy bed en tel vyftig pond in note uit. Dit sit hy in 'n klein leersakkie.

„Jannewarie,” roep hy, „neem hierdie brief en geld na baas Gawie, en vat 'n toom saam. Saal vir Hotnot op en vat nog 'n toom saam, en jy ry nie op die perd wat baas Gawie vir jou gee nie! En pas die geld op.”

Toe Jannewarie wegstap val iets hom by. 'n Geweer! Sy gebuite Lee-Metford het die Engelse. Vervlaks! Wag, Gawie het 'n geweer waarmee hy aldag spog.

„Janneware, en leen baas Gawie se koeëlgeweer en so 'n klompie patrone, omtrent dertig,” en toe die ou skepsel hom verbaas aanstaar sê hy onhandig: „Sê vir hom die jakkalse . . .” Wat 'n gefoeter! Die ou jong het hom nog nooit met 'n geweer gesien nie.

Dit was reeds ongeveer nege-uur toe Jannewarie terugkom met die geweer en perd. Daar was ook 'n briefie van Gawie: „Hoe lyk dit my zowaar Oom wil rebelleeren. Oppas, hoor, de tronk is niet een lekker plek.”

„Grootbek,” mompel Jaap. Jannewarie gee ook die leersakkie. Daarin was nog tien pond.

Jaap neem die lantern om die perd te bekyk. Die dier is 'n pragtige groot swart hings en lyk vol lewe. „Goed, jy lyk of jy een van Beyers se burgers kan waardig wees,” mompel hy.

Hy bekyk die geweer. „Op die oog nie te sleg nie. Ek sal eers more kyk hoe jy skiet.”

Hy kan die aand nie slaap nie. Uiteindelik sluimer hy in. Dan droom hy dat hy by Beyers se kommando aankom, en die Generaal sê: „Magtie Jaap, maar ek is bly om jou weer te sien. Nou kan ons hulle opdons en ons land terugvat.” En hy sê: „Ja, Generaal,” en in sy slaap glimlag hy en stoot sy bors uit.

Die volgende more vang die eerste sonstrale vir Jaap in die vlakke. Hy wil 'n springbok skiet. Hy moet sien of hy nog met 'n geweer kan tref. Hy is so opgewonde soos 'n jong seun.

Hy kry die bokke aan die voet van die rooi rantjies, en kies 'n groot ram uit. Toe hy korrel vat, bewe hy geweldig. Die bokke is mak, hulle is geen tweehonderd tree van hom af nie. Sy hande bewe . . . dan het hy die korrel op die bok, dan weer van hom af. Hy begin ongemaklik voel omdat hy so lank sy asem moet ophou, en sy arms word lam. Deksel! Hy trek die skoot af en die bokke, doodverskrik oor hierdie gebeurtenis wat so ongewoon is, staan en kyk na die groot ram wat sy laaste skoppe gee.

Jaap haal diep asem en lag voldaan: „Nog net so raak soos altyd,” sê hy hardop, maar sy hart vertel vir hom anders.

Hy tref gedurende die dag voorbereidings. Gawie se geweer kan hy darem ook nie sommer so neem nie. Hy sal Jannewarie 'n briefie vir Gawie gee, en ook tien pond. Maar dit moet hy eers die volgende dag sonder neem.

Om drie-uur die more het Jaap Grobler, gereed met die Lee-Metford oor sy skouer, en sy bladsak op sy rug, in die saal geklim. Die maroelabome was soos groot swart kolle teen die lug, en die windjie het saggies deur hulle digte lower geruis. Maroelakop was een groot swart geheimsinnige stilte.

Jaap se plan was om tot by Leeufontein te ry, ongeveer 'n agtien myl verder, en die volgende dag by Klaas Harmse deur te bring. Dan kon hy wag vir die donker om weer sy reis voort te sit. Hy weet Klaas se hart sal reg wees, hulle was nie verniet saam op kommando nie. As Klaas nie al weg is om te rebelleer nie!

Sewe-uur die oggend is hy omtrent 'n myl van Klaas se huis af. Hy voel effens moeg van die ongewone rit, maar hy sit kersregop, die breë skouers agteroor, die oë lewendig op die lap blouhakbome gevestig. Die wêreld is groen, daar waai 'n heerlike luggie, 'n mooi Desembermore. Hy kan homself nie meer bedwing nie. Hy haal diep asem en sing uit volle bors: „Kent gij dat Volk.”

Ou Fisant, Klaas Harmse se veewagter en agterryer gedurende die oorlog, gaan verstom tussen die blouhakke staan. Dan sien hy vir Jaap. „Magtig,” sê hy, „die Boere ry weer!” en hy vrywe sy hande vergenoegd.

Nou begin Jaap twyfel, eers net effens en dan word dit sterker! Sê nou Klaas is aan die ander kant! Hoe nou! Hy trek aan die teuels en die swart perd gaan staan. Dit is toevallig regoor 'n digte geelhoutbos. Wag, hy sal sy geweer en bladsak in die bos wegsteek en dan huis toe aanry. As Klaas dan wel vir die rebelle is, dan sal hulle heerlik daaroor lag . . . en hy glimlag.

Op 'n stappie ry hy nou aan werf toe. Hm, nou het hy 'n goeie plan om gou uit te vind waar Klaas staan. Hy sal hom sommer so 'n doodonskuldigte vraag vra.

Daar is Klaas ook voor die huis. Ja, dit is hy, net 'n bietjie vetter. „More, Klaas,” roep hy opgeruimd toe hy voor hom stilhou.

„Maar wat die duiwel . . . maar wie . . . maar dit is mos Jaap Grobler. Liefste, maar jy lyk nog jonk en regop!”

Nou kan Jaap sy vraag vra: „O, jy het nog nie vir die rebelle gaan help nie?”

„Man ek het lus gehad, maar dit is nou buitendien te laat. Die rebellie is tot-niet. Generaal Beyers is gister dood in die Vaalrivier.”

„Generaal Beyers . . . dood?” Langsaam verstyf Jaap se gesigspiere, sy skouers sak, hy buig sy hoof. Dan ruk hy aan die teuels en die swart perd draai om, en begin weer op sy spore terugstap. Op sy rug sit Jaap heeltmaal voororgeboë.

„Ek sê . . . haai!” en Klaas Harmse staan verdwaasd met sy arm in die lug.

„Wie was hier, ou man?” kom dit van die deur af, maar Klaas se oë is nog strak op die ruiters gevestig, en hy kan geen woord uiter nie.

W. A. Boonzaier

Stroom

In die branding van die skemer
hierdie eerste winteraand
styg ek van die donker aarde vreemder
en reik aan die befloersde land

waar met die rooi storting van bloed
oor ons lippe en ons oë
vriende en beleefnisse vir goed
breek uit die branderboë

wat ons laaste krag en ons hoogmoed
toevou in die oog se lede.
Sal 'n nuwe ryk en 'n nuwe gloed
oopgaan aan die end van die verlede?

Vyand

Tussen jou en my,
gister en die donker,
moet ek kap en sny,
kloof en verwond.

Maar in die klewende donker,
is daar iets wat bly
buiten die vuur, die smag, die wond?
En wie is ek, en wie jy?

Doringboom

Teen bloutes het God die wit wolke gegee
dat ek deur stiltes en afstande na hulle groei.
Maar wat is ek as die sonbesie kermend skree
en ou vulkaanklippe in my wortels skroei?

Diepte

Hoe swaar kan die vlees sink
en die diepte, hoe string hy sy krag
dat die hoof nie bars en ons dink:
Hoor ek nog die rippels van 'n golfslag?

Ster

In die donker vloer om ons gesig,
hoe naby aan diamante is die lig
van 'n ster wat aan die hemelstraat
verskiet en in ons stukkies agterlaat.

Friedrich Hölderlin

deur M. R. Breyne

'n Honderd-en-vyftig jaar gelede het in Duitsland een van die merkwaardigste boeke uit die wêreldliteratuur verskyn: die „Hyperion” of „Die Eremiet in Griekeland” van Friedrich Hölderlin, daardie smagtende klaaglied oor die verlore Hellas, oor die verdwene skoonheid en harmonie van ou Griekeland.

Vir ons mense van die Twintigste Eeu, wat getuie is van die ondergang van soveel skoonheid en heerlikheid en wat aan die drumpel staan van 'n nuwe bedreiging daarvan, is dit welig goed om 'n oomblikkie stil te staan by daardie vergete digter en profeet, wat in sy onsterflike gedigte uitgespreek het wat ons algar vandag weer beweeg. Na aanleiding van sy honderdste sterfdag het daar onlangs 'n insiggewende werk van Ernest Tonnelat in Frans verskyn: *l'Ouvre poétique et la pensée religieuse de Hölderlin*.

Laat my toe om die lewe van die digter Hölderlin, wat op 20 Maart 1770 te Lauffen aan die Neckarrivier, as seun van 'n kloosterbeampte, gebore is, met 'n meteor te vergelyk, wat tussen die jare 1770 en 1843 aan Europa se hemel opgestyg, geskitter en verdwyn het. Vroegtydig verteer deur 'n verskroeiende digtergloed het hy die veertig laaste jare van sy aardse lewe in waansin geslyt, om, soos sy biograaf dit uitgedruk het, in die ouderdom van 73 jaar „uit die arms van sy vader, die Eter, terug te keer in die skoot van sy moeder, die Aarde”. Tussen daardie twee uiterstes, die hemel se sfeer en die ewigbloeiende aarde, het Hölderlin soos 'n koninklike arend gesweef.

In die vrugbare en blomryke Schwabenland, wat die „suster van die Lombardye” genoem word, waar die wandelaar, wat uit die koue Noorde kom, reeds die milde lug van die nabye sonnige Italië vermoed, daar het die

lewe van die diepsinnige en diepgevoelige digter-profeet Hölderlin verbygegaan. Hölderlin behoort tot daardie vergete digters, wie se manende stem uit die dieptes van die verlede steeds weer tot ons opklink, as die verdwaalde mensdom tot sy eintlike bestemmingsdoel en tot die oerkragte van sy innerlike lewe wil terugkeer. Meer dan ooit lyk my dit vandag die geval te wees.

Die bekende Deense literatuurhistorikus, Georg Brandes, het Hölderlin „een van die edelste en fynste geeste van sy tyd” genoem, „wie se strewe dit was om die dieptes van die menslike wese te probeer aanvoel.”

Ongelukkig is dit wat Hölderlin op die keerpunt van die Westerse beskawing nie alleen vir sy eie volksgenote nie maar ook vir ons almal wat kinders is van daardie beskawing, geskrywe het, ’n geslote boek. En tog het sy digwerk, en besonderlik sy onsterflike „Odes en Gesange”, asook sy merkwaardige Hyperion-roman, plotseling ’n onverwagte, aktuele betekenis gekry, sodat ons Hölderlin nie alleen as ’n groot digter van sy volk nie, maar ook as profeet van ’n nuwe digkuns kan beskou. Sy groot verdienste lê in die feit dat hy te midde van ’n verfynde, hoogmoedige burgerlike wêreld die moed besit het om op die ware bronne van die menslike dryfvere en op hulle verbondenheid met die natuur, as die eintlike kragbron van die menslike emosies, te wys.

Sy hele literêre werk, en in besonder sy „Hyperion”, is ’n aanklag teen die onnatuurlike lewenswandel, teen die haat en tweedrag wat onder die mense heers. „Hier op aarde”, skryf hy, „is alles onvolmaak. Dit is die ewige klaaglied van die mensdom. Kon tog iemand net eenmaal vir daardie van God verlatenes sê dat hulle so onvolmaak is, omdat hulle met plumpe hande niks wat rein is onbesoedel laat nie, niks wat heilig is, onaangetas en dat by hulle niks gedy nie, omdat hulle die wortels van die wasdom, die goddelike natuur, nie eer nie, dat hulle lewe eintlik vlak en vol sorg is, vervul met hardvogtige, verbete tweedrag, omdat hulle die gees versmaad wat krag en adel in die mens se handeling en vrolikheid in sy lyding en liefde en broederlikheid in sy dorpe en woonstede bring.”

Doen ons die moeite om in te dring in die ware gees van Hölderlin se werke dan vind ons daardie geestelike

bande van die mens se waarde wat ons met alle volkere op aarde saamsnoer.

Om daardie rede is dit wellic goed in hierdie dae van angs en spanning wat ons tans belewe, om aan Hölderlin terug te dink. In hierdie tyd waarin die mensdom weer swaar onder daardie ewels ly en waar dit moeiliker en moeiliker vir ons word om nog aan 'n sin in die lewe en aan die toekoms van ons beskaving te gaan glo, mag Hölderlin 'n wegwysers wees op die pad van die toekoms.

In sy onsterflike liriese gedigte het Hölderlin die hoogste sfere van die kuns bereik, omdat hy so sterk met die natuur vertrou was. Hoe dikwels verwys hy in sy verse na die groot Franse natuurfilosoof: Jean Jaques Rousseau. „Die Duitsers,” so skryf hy, „kan van hom leer om weer natuurlik te word. Nie net gees en vernuf nie, maar 'n sintese tussen natuur en kuns, wysheid en wetenskap, predik hy, is in staat om ons met alle mense en volke van die aarde te verbind.”

Enkele van sy odes behoort sowel na vorm as inhoud tot die beste skeppinge van die wêreldliteratuur, so bv. „Griekeland”, „Die Noodlot”, „Die Neckar”, „Die Swerwer”, en „Die Vrede.” Hoe aktueel is die woorde wat hy in sy ode aan „Die Vrede” neergeskryf het?

Wie het begin? Wie daardie vloek gebring?

Dis nie van nou en nie van gister nie;

en wie vireers die ware maat verloor het,

ons voorvadere, het nie geweet nie, hul gees het hul verlei.

Te laat, te lankal, trap die mense

mekaar op die kop, en twis om heerskappy.

Terwyl hy sy buurman vrees, so geniet die man

op eie grond en bodem selfs geen vreug en seën nie.

Wie dink hier nie onwillekeurig aan die maghebbers in die wêreld wat vandag die „ware maat verloor het” en wat in „twis vir heerskappy” dreig om die mensdom in 'n chaos in te stoot. Nyd en stryd moet uit die wêreld verdwyn. Die mens moet die heerlike natuur terugvind en sy eie handewerk nie vernietig nie. Hölderlin se profetiese woorde is nie alleen deur die Duitse volk nie, maar

ook deur ander volke van Europa in die loop van die eeue in die wind geslaan. Aan die einde van die 18e eeu, in die tyd van die naweë van die Franse Revolusie, in die tyd van oorbeskawing, in die tyd van Goethe en Schiller, in die tyd toe die Württembergse Regiment na die Kaap gekom het, en Schubart, die vriend van Hölderlin, sy „Kaplied” geskrywe het, het Hölderlin die volgende oproep aan sy Duitse volksgenote gerig:

Skeppingsdrang, o sê, gees van ons volk
wanneer verskyn jy weer, siel van die Vaderland?
— As al die mense met wie ek vroeër
getreur het, as al ons stede weer
helder, vry en wakker in reinheid straal,
as die land van die Duitser se berge,
die muse se berge weer is.

Die profeet Hölderlin sien die nuwe taak van sy Vaderland sodanig dat Duitsland in die volkerefamilie 'n nuwe taak sal volbring, 'n nuwe bydrae tot die menslike kultuur sal lewer:

Dus: wees in jou adel, my Vaderland,
onder 'n nuwe naam, die tyd se rypste vrug!
Jy draal en swyg nog, oorpeins 'n nuwe werk,
en skep, wat vir jou spreek, 'n nuwe beeld
wat enkel soos jy self, uit liefde
gebore en soos jy self ook goed is!

Die wêreld waar Hölderlin hom egter die reinste hervind, waarmee hy die sterkste verbonde is en waarin hy die geheim van sy eie lewe wederveraar, is die wêreld van die natuur. Een van sy pragtigste gedigte wat maar onvolkome in vertaling weergegee kan word, is die volgende:

O, u getroue, vriendelike Gode,
kon u besef hoe my siel u bemin het!

Wel het ek u destyds nog nie by u naam genoem nie,
u het ook my, soos mense doen, wat meen mekaar te
ken, geroep.

Tog, ek het u beter geken as ek ooit die mense geken
het,
ek begryp die Eter se swye, die mens se woorde
egter nie.

My het die soet geluid van die suiselende bos opgevoed,
en ek het liefde leer ken onder die blomme.
In die Gode se arms het ek grootgeword.

Sonder twyfel was daardie groot eensame, wat veertig
jaar van sy lewe aan die oewers van die Neckar in 'n verlate
toring in Tübingen in waansin geslyt het, 'n kragbron en
'n leidster vir die latere digterskaar in Duitsland, soos vir
Stefan George en Rainer Maria Rilke, wat self getuig dat
„hulle sonder Hölderlin nooit sou bereik het wat hulle self
is nie.”

Hölderlin is by uitstek die verkondiger van die geheimste
sielekragte van sy volk, daardie merkwaardige eienskappe
van die Duitse mens, wat hom 'n „eensame onder die volke
maak” en wat ons in die musiek van 'n Mozart en 'n
Beethoven terugvind.

Gewis: die werk wat Hölderlin ons nagelaat het, is nie
vir iedereen en ook nie vir iedere uur van die dag nie. Wie
in die tempel van Hölderlin se gedigte wil binnestap, moet
eers sy eie siel daartoe voorberei. Eerbied en ootmoed is
die sleutels wat toegang verleen tot die wêreld van daardie
geniale mensekind, waar die heilige bronne, waaruit elkeen
van ons gevoed word, nog opborrel.

Met 'n blik op die sterregeflonker waarmee Hölderlin
verwant was, en opgaande in die ewige Eter, wat hy besing
het, meelewend met die lewe van sy volk en bewus van die
onsterflikheid wat hy vir die mensdom verkondig het, is
vandag die oog van Hölderlin weer op ons gerig, 'n oog
wat ons sterk maak in die nood en wat ons krag gee om
standvastig te wees teenoor die lot, wat die Meester van
die Heelal vir ons mense opgelê het.

Een van sy verhewenste liederes is sy gedig „Aan die
Parzen”, wat hy in die ouderdom van 28 jaar in Homburg
o/Höhe geskryf het:

Aan Die Skikgodinne

Een somer gun my net, o Magtiges,
en net een herfs om my sang te laat ryp,
dat my hart dan, versadig van die soete
spel, gewilligliker kan sterwe!

Die siel, wat op aarde sy godlike reg
nie verkry nie, vind ook diep in die Orkus geen rus nie,
maar het eens die heilige wat aan
my hart lê, die digwerk, geslaag,
wees welkom dan, o stilte van die skimmeryk!
Tevrede is ek, as ook my snarespel,
nie met my saamreis nie; eenmaal
soos Gode het ek geleef, en meer verlang ek nie!

Ten slotte dan Hölderlin se beroemde „Schicksalslied”,
of die „Lied van die Noodlot”:

Julle wandel bo in die lig,
op sagte bodem, salige Geeste!
Stralende godewinde
streel julle soet,
soos die kunstenaars se vingers
heilige snare!

Vry van noodlot, soos die slapende
suigling, asem die Goddelikes;
kuis bewaar
in 'n lieflike bloesem,
ewig stralend
leef hulle gees,
en die salige oë
blik in 'n stil en
ewige klaarheid.

Maar dis ons erfnis
nêrens te rus nie,
die lydende mense
verkwyn en verval
blindlings van stond
tot stond, soos water
wat neergestort word
van klip tot klip,
ewig na die duisternis toe!

Nuwe Afrikaanse Boeke

MAART — MEI 1951

Saamgestel deur P. J. NIENABER

POESIE

- EYBERS, Elisabeth. Tussensang. Johannesburg, Constantia, en s'Gravenhage, A. A. M. Stols, 1950. 27 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5 $\frac{1}{2}$. 10/-.
- HEERDEN, Ernst van. Ses gedigte/Six Poems. Stellenbosch, Pro Ecclesia, *drukkers*, s.j. (1951). 15 bl. 8 $\frac{3}{8}$ x 5 $\frac{1}{2}$. pap.
- MALHERBE, D. F. Duine en Pioniere. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 47 bl. 4 $\frac{3}{8}$ x 5 $\frac{1}{2}$. 10/-.
- OMAR CHAJJAM. Die onherwinbare hede; verwerk deur Abr. H. Jonker. Kaapstad, Juta en Kie., s.j. (1950). bl. gekl. illus. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. Karton. 10/6.
- HAACKE, C. H. Geluk het vlerke. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 186 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{1}{2}$.
- HEERDEN, A. van. Tuin van herinneringe. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 244 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. Karton. 9/6.
- HENDRIKS, R. Die laaste van die Henckels. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1950. 216 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. 9/6.
- HÖRSTEN, Fritz, en Hendrik von. Wat is die mens tog. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 266 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{1}{2}$.
- JANSEN, Jan. Buffo van die Samokwe. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 111 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{1}{2}$.
- LATEGAN, F. V., *samesteller*. Kortpad; keurbbeeld van die Afrikaanse kortverhaal. Bloemfontein, Nasionale Boekhandel, 1951. 237 bl. 8 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{1}{2}$.
- LOUW, David. Rosa, vrou van die wolke en wind. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 96 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5 $\frac{1}{2}$. pap. („Leesgenotereeks"). 1/6.
- MALHERBE, dr. F. E. J., *samesteller*. Afrikaanse humorverhale. Pretoria, J. L. van Schaik, 1951. 184 bl. 9 $\frac{3}{8}$ x 5 $\frac{1}{2}$. karton. 8/6.
- MAREKA, Ideala. Pretoria, Die Keurbiblioteek, 1951. 221 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. 7/6 (vir Lede 5/9).
- MOCKE, Annette. Elizabeth in die goudstad. Pretoria, Keurbiblioteek, 1951. 218 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{1}{2}$. 7/6 (5/9 vir lede).
- NAGELS, Francis. In die kloue van die Kremlin. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 194 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{1}{2}$.
- OOSTHUIZEN, Sats. Die gees van die woud. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1951. 221 bl. 7 x 5 $\frac{1}{2}$. karton. 9/6 (10/-).
- OTTO, Paul E. Solank die wyn vonkel. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 234 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{1}{2}$.

ROMANS EN VERHALE

- BEZUIDENHOUT, C. F. Vader, ek het gesondig. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 342 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{1}{2}$.
- ELOFF-VAN DER WALT, Ella. " . . . En die Nagwind waai . . ." Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 284 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{1}{2}$. („Möresterbiblioteek," Nr. 57).
- FRASER, E. J. M. Die Versoening. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1951. 169 bl. 7 $\frac{1}{4}$ x 5 $\frac{3}{8}$. („Ons eie biblioteekskema" V, 7).
- GRANGE, Laurette le. Santa Jordaan: romanse met 'n toneelspeler. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 162 bl. 6 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{1}{4}$. pap. („Santa Jordaanreeks," nr. 6). 4/- (4/3).
- GRANGE, Laurette le. Santa Jordaan: romanse met 'n vlieënier. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 175 bl. 6 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{1}{4}$. pap. („Santa Jordaanreeks," Nr. 7). 4/- (4/3).
- GÜRALDES, Ricardo. Don Segundo Sombra; vertaal deur Marie Malherbe. Johannesburg, Constantia, s.j. (1951) 236 bl. illus. 8 $\frac{1}{4}$ x 5 $\frac{1}{2}$. karton. 8/-.

- PIENAAR, T. C. En die tweede . . . Pretoria, J. P. van der Walt, Bpk., 1951. 280 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. 10/- (10/6).
- PLESSIS, A. J. du. Die bende op die grens. Pretoria, J. P. van der Walt (Edms.) Bpk., 1951. 230 bl. 7 $\frac{1}{4}$ x 5. 7/6.
- RICHARD, Dirk. Die swart wa en ander kortverhale, Johannesburg, L. & S. boek en kunstsentrum, 1951. 210 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{1}{8}$.
- ROUX, Sophie. Die bitter wortel. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1951. 7 $\frac{1}{2}$ x 5 $\frac{1}{2}$. („Ons eie biblioteekskema," V. 8). 11/-.
- SPENCE, Ela. Onverwagte vierhoek. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1951. 184 bl. 7 x 5 $\frac{1}{4}$. karton. 10/- (10/6).
- . Vrou sonder hart. Johannesburg, Goeie Hoop-uitgewers, 1951. 226 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 5. karton. 9/6.
- WESSELS, Annemarie. As die newels verdwyn. Pretoria, Die Keurbiblioteek, 1951. 221 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 5. 7/6 (vir lede 5/9).
- DRAMA**
- ROUBAIX, Paul. Storm en ander eenbedrywe. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 82 bl. 7 $\frac{3}{8}$ x 4 $\frac{1}{4}$. pap.
- KINDERBOEKE**
- ARIANA. Die vier muisies. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 36 bl. 7 $\frac{1}{4}$ x 4 $\frac{3}{8}$. pap. („Sonstraalstorieboekies," Nr. 69).
- BEKKER, Johann. Onheil op verwagting. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1951. 158 bl. 7 x 5 $\frac{1}{2}$. karton. 5/6 (6/-).
- BEUKES, Pattie. Ons maat Joepie. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1950. 32 bl. 7 $\frac{1}{4}$ x 4 $\frac{1}{4}$. pap. („Sonstraalstorieboekies," Nr. 66).
- BOSMAN, Eunice. Harmonie se ondeunde paar. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 198 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 5.
- . Lets en Bets op Harmonie. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 213 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{3}{8}$. („Lente-serie," nr. 55).
- BRINK, J. W. Uitoorlê en ander avonture van veldkornet Kasper Willems, ens. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1951. 96 bl. 7 x 5 $\frac{1}{2}$. 4/- (4/3).
- Bruintjie steel heuning, Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. (1951). (6) bl. gekl. illus. 6 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{3}{8}$. karton. 2/-.
- CLARK, Victor. Tuis in 25 lande; vertaal deur J. F. Botha, Kaapstad, Maskew Miller, s.j. (1951). 107 bl. illus. 8 x 6 $\frac{1}{2}$. slap linne. 4/9.
- DIEREORQUES, Die. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. (1951). (6) bl. gekl. illus. 6 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{3}{8}$. karton. 2/-.
- (DIEREPRENTBOEK). Pretoria. J. L. van Schaik, s.j. (1951). (6) bl. gekl. illus. 8 x 11 $\frac{1}{4}$. karton. 5/6.
- EYBERS, F. J. Deur seerowers ontvoer. Pretoria, J. P. van der Walt (Edms.) Bpk., s.j. (1951). 226 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{1}{8}$. 8/-.
- HAUFF, Wilhelm. Langneus, die dwerg; *verwerk* deur M. Rode. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1951. 49 bl. gekl. illus. 7 x 5 $\frac{1}{2}$. pap. 3/-.
- JACOBS, M. E. Die viermanskap. Kaapstad, Ned. Geref. Kerk-uitgewers, s.j. (1951). 125 bl. 7 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{1}{8}$. 6/9.
- Huis van Pietie Muis, Die. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. (1951). Ongep. gekl. illus. 8 $\frac{1}{2}$ x 7 $\frac{1}{2}$. karton. 5/6.
- KLERK, Maria de. Twee eenbedrywe vir skoolopvoering. Pretoria, J. P. van der Walt, Bpk., s.j. (1950). 31 bl. 8 $\frac{1}{2}$ x 5 $\frac{1}{2}$. pa. 3/-.
- KNAPIE Kabouter. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. (1951). (6) bl. gekl. illus. 6 $\frac{1}{2}$ x 4 $\frac{3}{8}$. karton. 2/-.
- KOTZE, Bessie. Neutvars versies vir die kleinspan. Bloemfontein, Nasionale Boekhandel, 1950. 20 bl. illus. 7 x 5 $\frac{1}{4}$. pap. 1/9.
- MALAN, A. F. Pronkduive. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 37 bl. illus. 8 $\frac{1}{2}$ x 6. slap linne. („Ons stokperdjie-reeks," nr. 2).
- MALHERBE, Marie. Rose vir die kerskind. Kaapstad, Maskew Miller, s.j. (1951). 73 bl. illus. 8 $\frac{1}{2}$ x 6 $\frac{1}{4}$. pap.
- MALOT, Hector. Alleen op die wêreld. Pretoria, J. L. van Schaik, 1950. 268 bl. 5 $\frac{1}{2}$ x 5. („Die libri-reeks"). 6/6.
- OOM NICO. Posseëlversameling. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. (78 bl. illus. 8 $\frac{1}{2}$ x 6 $\frac{1}{2}$. slap linne. (Ons Stokperdjie-reeks," nr. 1).
- PAUW, Marietjie. Fienie Fynvoetjie en die wonder-medisyn. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1950. 23 bl. 7 $\frac{1}{4}$ x 4 $\frac{3}{8}$. pap. („Sonstraal-storieboekies," nr. 67). 1/3 (1/4).
- ROOKAPPIE en ander sprokies. Pretoria, J. L. van Schaik, s.j. (1951). ongep. gekl. illus. 8 $\frac{3}{4}$ x 7 $\frac{3}{4}$. karton. 8/6.

- SCHOEMAN, P. J. „Uitspring, Kêrels!“ Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1951. 159 bl. 7½ x 5½. karton. 8/-.
- SMITH, Jurgen. Amakeia. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 37 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 55).
- . Waarom 'n kersboom altyd skitter. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 35 bl. 7½ x 4½. pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 55).
- SMITH, Topsy. Trompie, die noërskoolseun. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 168 bl. 7½ x 5. („Trompie-reeks,” nr. 4).
- . Trompie die soet seun. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 152 bl. 7½ x 4½. („Trompie-reeks,” nr. 3).
- STEVENS, Roy E. Die skatkis, deel III. Kaapstad, Kinder-Kultuurvereniging, s.j.L. (1951). XV, 25 bl. gekl. illus. 9½ x 6½. 30/-.
- . Deel IV, s.j. (1951). XV, 383 bl. gekl. illus. 9½ x 6½. 30/-.
- WENTZEL, Roland. Bettie en Adoons. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1951. 40 bl. illus. 5½ x 9½. pap. 2/3.

LETTERKUNDE

- HEEVER, dr. C. M. van den, en PIENAAR, dr. P. de V., red. Kultuur-geskiedenis van die Afrikaner, deel III. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950. 534 bl. illus. 10½ x 7½. 26/-.
- NIENABER, dr. P. J. Mylpale in die geskiedenis van die Afrikaanse taal en letterkunde (volgens die leerplanne van die vier provinsies). Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 330 bl. illus. 8½ x 5½. 10/6.
- NIENABER, P. J., samesteller. Langenhoven, die volkskrywer, Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1951. 138 bl. illus. 8½ x 5½.

A.P.B.

